# *Wat Is Daar In Jou Hand?*

(Baie dankie, broer. Is hierdie veronderstel om my krans te wees? Dankie.)

2 Goeienaand, vriende. Gelukkig om hier te wees vanaand en so bly dat ons almal kon uitkom. Dank die goeie Here vir Sy wonderlike werke gisteraand. Om te hoor . . . Was die eerste keer in 'n lang tyd wat ek die geleentheid gehad het om by die mense uit te kom om—om so vir hulle te preek en hulle te bedien.

3 En gisteraand, oppad uit, het die seun vir my gesê, gesê, hulle hou nie daarvan dat ek daardie tipe byeenkoms hou om af te gaan en hande op die mense te lê nie; hulle dink net miskien . . . Hulle sê wanneer dit van die platvorm af genoem word, is dit altyd honderd persent. En gesê: "Jy vat net die mense se woord daarvoor, dan."

Ek het gesê: "Wel, hulle het geloof, hulle glo."

4 En toe ek onder tussen die rolstoele deurgeloop het, het ek gedink dis Billy wat voor my loop. En ek het net dwars gedraai om te kyk: dit was nie Billy nie, dit was Hy. En toe, toe ek weer opgestaan het, toe het die Here begin profeteer, en gesê: "Daar sal sommige in die rolstoele wees, wat deur die gehoor sal loop; sommige sal uitgaan."

Die seun het gesê: "Sal dit gebeur?"

5 Ek het gesê: "Wag en kyk jy maar net." En daar gisteraand . . . Dis reg. Dis vyf verlamde mense uit die rolstoele hierdie week. Dis wonderlik wat ons Here besig is om te doen. Ek glo Hy sal groot gaan . . . meer as daardie vanaand, dink julle nie so nie? Ons glo dat Hy sal.

6 Nou, môre-aand, omdat dit die afsluiting van hierdie diens is . . . Julle was so goed vir ons, en het uitgekom en in die weer gesit toe dit koud en reënerig was. En julle was baie, baie gaaf, en ons sal julle altyd onthou. En ek het soort van 'n klein strydjie gehad wat . . . Julle . . . 'n Goeie ding dat julle gaaf was, want dis nie die gebruik dat ek met die mense praat of preek soos hierdie, en dan die altaar-oproepe maak, ensovoorts, nie.

7 Broer Moore het, vir een of ander rede, nie opgedaag nie, en Broer Arganbright het nie opgedaag nie, maar Broer Thom van Suid-Afrika, seën sy hart, hy was hier iewers, ek het hom "Amen," hoor sê 'n rukkie gelede. Hier kom hy terug. En dit was . . .

8 Dis nie miskien die seuntjie wat William Branham genoem is nie? Wel, goeiste. My eerste keer wat ek jou sien, seuntjie. Jy's 'n goeie seun. Ek verwag om jou nou baie spoedig by my huis te sien. Sien? Wel, dis baie gaaf. Ek weet julle geniet almal Broer

Thom se prediking. Hy sal waarskynlik môre by een of ander kerk hier wees.

9 Broer Beeler wat hier sit, hy sal ook waarskynlik êrens preek in die oggend. Die ander kêrels hier, ek neem aan hulle is bestem vir ander kerke.

10 Nou, julle wat hier is en in die diens, besoekers by ons, wel, kry julle—julle 'n goeie kerk en gaan kerk toe in die oggend. Al hierdie predikers hier, hulle verteenwoordig hierdie volle Evangelie kerke rondom in Atla- . . . , of, Macon hier. En hulle sal bly wees om julle in hulle kerk te hê.

11 En ek het nie eers enige van die broers ontmoet behalwe klein Broer Palmer hier nie. Ek mag 'n paar van die broers se hande geskud het. Maar as hulle almal soos Broer Palmer is, is hulle goeie mense, dit sê ek julle, is hulle baie goeie, net goeie broers.

12 En nou, hoop ons daar is môre goeie dienste regdeur die . . . regdeur die streek. Staan môre op jou pos; nou, gaan môre-oggend Sondagskool toe. En laat ons sien, ek reken die dienste is hier môremiddag. (Is dit reg? Môremiddag? Môre-aand? Wel, hulle het dit verander na . . . ) Dan die diens . . . (Julle het dit klaar aangekondig, neem ek aan? Goed.) Die dienste is morê-aand hier. Goed. Nou, mag die Here geseën word, is ons opregte gebed.

Nou, vir 'n onderwerp, net om 'n bietjie te mediteer. En ons wil weer sê: ons dank die dierbare Here soveel vir alles wat Hy gedoen het.

13 Nou, ek glo dat daar net in enige Amerikaanse diens van soveel dae, waar daar vyf verlamde mense gesond gemaak is in een enkele diens, glo ek dat dit net omtrent so—so groot is as wat die Here vir ons gedoen het hierdie hele jaar. En nou, in Afrika, of party van die ander lande, in Indië, of iets van daardie aard, is dit anders. Maar hier in Amerika, omdat daar soveel dienste is wat deurgaan, en een ding, ons bly nooit tien aande nie, ons is net gewoonlik daar van drie tot vyf aande en gaan dan. So ek sê dit net, daaroor, dat julle kan sien en weet dat ek glo dat julle groot geloof het, en ek is so bly.

14 Baie van die mense het getuig, het hulle gesê. Broer Wood en hulle het my vandag vertel van mense wat getuig het, van allerhande siektes en alles, wat genees is. En verskeie op beddens, ek glo nie ons het een bed hier vanaand nie. God het net die bedgevalle en alles opgeklaar. Is dit nie wonderlik nie?

15 Sê, en terloops, gisteraand, soos ek op die platvorm gekom het, was omtrent die eerste wat opgekom het, 'n—'n jammerlike geval. Ek het vir die laaste paar aande 'n dame opgelet wat met 'n klein water-kop babatjie gesit het, en daar kan niks voor gedoen word by wyse van mediese navorsing nie, met wetenskaplike navorsing om die outjies te help nie. Hulle is net heeltemal hulpeloos. En die arme moedertjie so geïnteresseerd, wat die kleintjie aand-vir-aand dra, en aan die huil was. Ek het bly

kyk na die dingetjie, en ek kon sien wat die probleem was. En baiekeer wat visioene spreek; sê ek nie eers iets daarvan nie.

16 Kêrel het my geskakel op die telefoon net ’n paar oomblikke gelede, en ek het hom in ’n—’n restourant ontmoet nou die aand, en daar het die Here vir my gesê wat verkeerd was met hom. Hy het my geskakel, hy het gesê: “Jy weet, na jy . . . ek jou gesien het,” gesê: “het ek net baie beter geraak.” Ek het vir hom gesê wat verkeerd was met hom; hy het amper flou geword. Julle weet . . . En so hy . . . Dis reg. Jy moet net dophou; jy sien dit gaan net in elk geval gebeur. So, dit is nie soveel of hulle enigiets daarvan weet nie, net solank jy weet . . . tussen . . . dat God gesê het dit gaan reg wees. So dit—dit handel dit af, julle sien. Dis nie die idee dat ons wil hê die mense moet weet nie, net solank God dit sê, wel, amen, laat dit net gaan, en as jy dink ’n bietjie aanmoediging sal hulle help, dan sê jy gewoonlik iets.

17 Maar hierdie babatjie het oor die platvorm gekom, yslike groot water-kop, wat oor ’n arme, klein, moeë moedertjie geleun het. En toe ek hande op daardie kind gelê het, het ek daardie Lig om daardie kind se kop sien draai, en ek—ek het geweet iets gaan gebeur. So ek het die moeder gevra of sy die baba sou huis toe vat. En toe geweet iets het daarmee gebeur, as ek iets gehad het om dit aan die moeder te bewys. Maar ek het vir haar gesê, ek het gesê: “Vat die baba huis toe.” En sy het buite die stad gewoon; ek glo Dit het haar gesê, iewers, omtrent ’n honderd myl. Sy reis omtrent tweehonderd myl elke aand om die baba te bring.

18 En as sy by die huis gekom het, het ek gesê: “Sit ’n toutjie om sy kop en meet die toutjie, en knip dan daardie toutjie af; en sit dan net weer die toutjie om die volgende aand, môre-aand, en bring vir my die toutjie van hoeveel daardie baba se kop gekrimp het.” Binne twi- . . . en dit sal omtrent agtien ure wees, of twintig, en hier is die toutjie van ’n duim-en-’n-half toutjie, wat die baba se kop gekrimp het binne omtrent agtien ure. Ek wonder of die moeder hier iewers is met die baba vanaand met . . . O sy’s alreeds . . . Hier’s die moeder hier. Dis reg, goed. God seën jou, suster.

19 Nou, die rede waarom ek dit gedoen het, Suster, was dit: dat jy aangemoedig kon word. Ek het vir baie goed gebid wat ek—ek—ek nie gekry het nie, maar ek glo nie, as voor ons Skepper vanaand, in opregtheid, dat ek God in opregtheid vir enigiets soos daardie gevra het, dat Hy dit nie vir my gegee het, of gesê het hoekom Hy nie kon nie. Sien?

20 Nou, daardie duim-en-’n-half van daardie klein, wat daardie baba se kop gekrimp het binne agtien of twintig ure, dis om jou aan te moedig. Sien? Nou, hou net aan glo. Sien? Nou, dit sal—dit sal so maak vir omtrent twee-en-sewentig ure. Dan sal jy oplet, jy hou aan om jou toutjie af te knip. Dit sal stop; dit mag vir rukkie

slegter gaan. Maak nie saak wat gebeur nie, hou jy net aan glo. Jy sien? En net solank as wat jy jou geloof behou . . .

21 Onthou nou, wanneer die onrein gees uit 'n persoon uitgaan, wandel dit in droë plekke en keer weer terug met sewe ander geeste erger as wat dit was; en as dit kan, sal dit ingaan en oorneem, en die toestand sal baie erger wees. Maar as die goeie man van die huis nie daar is nie, wat jou geloof is, om dit weg te hou . . . Moet net nie daarteen veg nie. Dit sal terugveg met jou. Weier net; ignoreer dit net. Dis al. Gaan net aan. Sê net dis verby; dit handel dit net vir goed af. En jou baba sal gesond wees. Nou, die Here seën julle.

22 Nou, vanaand . . . Ek is net lief vir die Woord. Is julle nie lief vir die Woord nie? "Geloof kom deur die gehoor, en die gehoor van die Woord." Ek wil net 'n klein teksie hier lees vanaand, vir 'n klein konteksie, en ons wil dit uit Eksódus die 4de hoofstuk lees, as die Here wil, en vanaf die 2de vers. Ons sal miskien die 2de vers lees en miskien deel van die 3de.

> *Daarop vra die* HERE *vir hom, Wat is daar in jou hand? En hy antwoord, 'n Staf.*
>
> *En Hy sê, Gooi dit op die grond. Toe gooi hy dit op die grond, en dit het 'n slang geword; en Moses het daarvoor gevlug.*
>
> *Toe sê die* HERE *vir Moses, Steek jou hand uit, en gryp dit aan die stert. Hierop het hy sy hand uitgesteek, en dit* aan die stert *gegryp, en dit* was *'n staf in sy hand:*

23 Nou, sal ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir 'n woord van gebed terwyl ons met die Outeur *Hiervan* praat, en dan vir hierdie sakdoeke hier bid?

24 Ons dierbare Hemelse Vader, ons is so dankbaar om hier vergader te wees vanaand onder die uitspansel van hierdie hemel, om op te kyk in die Hemele waar ons hulp vandaan kom; ons hulp kom van die Here. Ons is so bly om te weet dat Hy lewe en regeer vandag en nie Sy kerk gelaat het sonder 'n getuie van Sy opstanding nie.

25 En ons is so dankbaar vanaand dat ons, as die kinders van Israel, waarvan ons gaan praat, as dit U wil is, binne 'n paar oomblikke, hoe hulle onder hulle laste geswoeg het, en in die kis van Josef gekyk het, en daardie bene daar sien lê het, in die wete dat God deur die profeet belowe het dat hulle eendag sou uitgaan. En vanaand, as die anti-tipe van Josef, die Prins van vooruitgang, het die Here Jesus opgestaan uit die dood en is lewendig hier onder ons vanaand, as 'n Goddelike bewys dat ons eendag gaan uitgaan, uit hierdie wêreld van probleme en sonde, en waar Satan en al sy magte is; en ons vir altyd vry sal wees van hom.

26 Nou, Here, soos ons mediteer op hierdie woorde, mag die Heilige Gees kom, in die Woord ingaan, en mag Dit Dit aan elke hart verdeel, net soos ons behoefte het vanaand. En mag ons sê, soos die Emmáüsgangers, toe Hy die brood gebreek het en iets ’n bietjie anders gedoen het as wat die gewone prediker in daardie dag gedoen het. . . Hy het dit op ’n manier gedoen wat net Hy dit kon doen. En, Vader, ons bid vanaand dat Hy iets buitengewoon sal doen wat ons nie elke dag in elke godsdienstige diens sien nie. Net dat mense mag weet dat daardie selfde Here Jesus lewendig is, uit die dood uit vanaand, wat in en om die mense wandel, dieselfde dinge doen wat Hy toe gedoen het. Skenk dit, Vader.

27 Hierdie sakdoeke wat hier lê, hulle verteenwoordig arme, klein, siek kindertjies, vaders, moeders, baie mense wat daar lê, en ly, as gevolg van siektes en onderdrukking van die duiwel. En, Vader, met hande op hulle gelê met gebed, my hele hart, bid ek dat U my sal verhoor, Here, en die integriteit van my hart sal ken, terwyl ons elke onrein gees bestraf, elke duiwelse mag wat die mense bind, waarop hierdie sakdoeke gelê sal word. En wanneer hierdie sakdoeke op hulle gelê word, mag hulle bevry word, Here, en op hulle pad gaan en juig, en Satan gebind word en uitgewerp in die buitenste duisternis. Skenk dit, Vader. Help ons nou in die verdere deel van hierdie diens, want ons vra dit in Jesus’ Naam. Amen.

28 Nou, soos ons net ’n paar oomblikke hier mediteer op die Woord van die Here, vertrou ek dat almal net sal. . . Ek sal probeer gou maak, so, ek weet die wind waai ’n bietjie koud en op die siek mense, en ek sal probeer opskud. En miskien sal dit môre-aand ’n bietjie warmer wees en sal ons net ’n bietjie langer bly.

29 Nou die dag uitgegaan en opgekyk, ek en Mnr. Wood het in die pad afgery en ek het daardie arme boere gesien en hulle mielies wat net opgerol was (Ek het ook ’n bietjie geboer.), en die waatlemoene en alles, die katoen wat verdroog het. Ek het huis toe gegaan, en ek het gesê: “Dierbare God, ek weet ons het ’n opelugdiens, maar stuur asseblief vir daardie mense ’n bietjie reën, want hulle het regtig reën nodig.” En ek het net gedink aan die almag van die die Here Jesus, hoe Hy dit laat reën het tot by die diens, gestop het terwyl ons die diens gehad het, en hulle toe ’n goeie deurdrenking gegee het gisteraand; opgeklaar het vir vanaand. O, goeiste. Hoe wonderlik is Hy nie. Hy weet net hoe om dit te doen, weet Hy nie? En ons het Hom net so lief daarvoor. Hy is net waardig van alle lof.

30 Nou, vanaand, wil ek net vir ’n paar oomblikke praat oor die onderwerp van *Wat Is Daar In Jou Hand?*

31 Nou die. . . ons konteks vanaand is van Moses, ’n man wat deur God gebruik is, destyds, om die kinders van Israel te verlos

van die Egiptiese slawerny. En baie mense, van God, is vanaand in slawerny.

32 Ek sien hier sit, 'n moeder met 'n klein seuntjie, lyk asof sy—sy beentjies miskien misvorm mag wees of iets. Hy lê naby sy moeder. 'n Kleintjie wat hier in 'n rolstoel sit, 'n kindjie, wat miskien polio gehad het of iets. Die beentjie is heeltemal toegedraai met krukke.

33 Ek let 'n jong meisietjie op wat hier sit, 'n pragtige dametjie, lyk net asof sy nog in haar tienerjare is, en 'n ou vader wat kreupel is in 'n rolstoel, net soos *daardie*. Dis slawerny. Satan het dit gedoen.

34 Hier is 'n gekleurde broer wat hier sit. Iemand wat naby hom sit, wat hom vashou en, of, naby hom. En kyk net na die slawerny waarin Satan die mense geplaas het.

35 En God is net soos . . . het jou net so lief as wat Hy daardie Hebreërs liefgehad het. En wanneer . . . God het vir Moses soontoe gestuur omdat Hy belowe het dat Hy sou kom en hulle verlos uit daardie slawerny.

36 En God het belowe in hierdie laaste dag dat Hy Jesus Christus, die Heilige Gees, in ons midde sou stuur, en al die siekes en beproefdes sou bevry. Want daar staan geskrywe, die laaste Woorde wat Hy gesê het voor Hy hierdie aarde verlaat het, het Hy gesê: "Gaan julle in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie aan elke skepsel." Hoe ver? Die apostoliese tydperk? Aan die hele wêreld; die Evangelie het nog nie die hele wêreld bereik nie. "Gaan in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie aan elke skepsel. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word; en hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg; In My Naam sal hulle duiwels uitdryf; met nuwe tale praat; slange opneem; of iets dodeliks drink en dit sal hulle nie skaad nie. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Dis wat die Bybel gesê het.

37 Jesus, opgevaar in die Hemel; die laaste opdrag wat Hy ooit vir die kerk gegee het, was om die siekes te genees. Die eerste opdrag wat Hy ooit die kerk gegee het, was om die siekes te genees. Hy het Sy sewentig gekies en Sy twaalf, en hulle uitgestuur, en hulle mag oor onrein geeste gegee, om duiwels uit te dryf, en om die siekes te genees, die eerste opdrag. Die laaste opdrag was, gaan in die hele wêreld in en genees die siekes.

38 Oor daardie Skrif, ek weet van baie teoloë wat dit bespreek het en onder hulle gesê het, dat daardie Markus 16 waaruit ek aangehaal het, vanaf die 9de vers af, nie geïnspireer was nie.

39 Herinner my, ek glo nie die preekstoel is enige plek om grappe te maak nie, en ek glo nie in grappe nie; hou die preekstoel skoon; grappe is vir daarbuite. Maar hierdie was net 'n klein aanhalinkie wat waar was, en dit klink of dit 'n grap was, maar dit was nie.

40 Daar was 'n kêreltjie in ons deel van die land, wat 'n roeping vir die bediening gehad het. Sy moeder was 'n baie gawe ou dame, en sy het hom weggestuur na 'n kweekskool om 'n prediker te word. En terwyl hy weg was, wel, na die kollege en kweekskool, om te leer preek ensovoorts, wel, die . . . het sy moeder siek geword, baie siek; sy het longontsteking gekry. En hulle het die dokter geroep, en hy het vir haar, natuurlik, alles gegee wat hy vir haar kon gee. En sy kon nie penisillien drink nie; sy was allergies daarvoor. So hy het haar sulfamiddel gegee en nog 'n paar goed; en dit wou net nie werk nie. Die vrou, wel, haar longe het heeltemal verstop geraak, en sy was in 'n baie slegte toestand. So hulle het haar seun getelegrafeer en vir hom gesê om gereed te wees, want hulle het gedink sy moeder sou onmiddellik sterf en hulle moes . . . wou hê hy moes huis toe kom. Hy was baie myle ver.

41 Maar meteens, wel, daar was 'n dametjie wat onder op die hoek gebly het, wat behoort het aan 'n Volle Evangelie sending, wat om die hoek gebly het, wat in Goddelike genesing geglo het. So sy het gegaan om die ou dame te sien, en sy het gesê: "Suster," sy het gesê: "ons pastoor glo, en ons, onder by ons kerk, dat Jesus gesterf het om die siek mense te genees. En as jy nie sal omgee nie, hoekom vra jy nie dat ons pastoor vir jou kom bid nie? Miskien sal God sy gebed verhoor en jou genees."

Sy het gesê: "Dit sal baie gaaf wees. Stuur hom hiernatoe." So die vrou . . . die man het gekom, en hy het vir haar gebid, en sy het gesond geword.

42 Omtrent 'n jaar later, het haar seun huis toe gekom, en hulle het dinge bespreek na hulle gegroet het. Hy het gesê: "Moeder, terloops," hy het gesê: "ek het nooit gehoor wat die dokter jou gegee het dat jy so vinnig gesond geword het, toe jy longontsteking gehad het, toe ek gereed gestaan het om te kom nie."

Sy het gesê: "O, seun," sy het gesê: "ek het vergeet om jou te vertel." Sy het gesê: "Jy weet daardie sendingstasietjie daaronder op die hoek daar?"

En gesê: "Ja."

43 Gesê: "Jy weet, daardie dame het hier opgekom en vir my gesê om haar pastoor te laat kom en vir my te bid." En gesê: "Jy weet, hy het 'n gedeelte uit die Bybel uit kom lees in die . . . Markus die 16de hoofstuk, en gesê: 'Hulle hande op die siekes lê, en hulle sal gesond word.' Jy weet, die Here het my onmiddellik genees?"

44 "Wel," sy het gesê . . . die seun het gesê: "nou luister, moeder," gesê: "nou, daardie mense is ongeletterd." Gesê: "Sien, hulle verstaan nie." Gesê: "Ons . . ." Gesê: "Daar's nie so-iets soos Goddelike genesing nie." Gesê: "Daar's niks soos dit in die Bybel nie." Gesê: "Dit was in die vergange dae." Gesê: "Nou, in die

kweekskool, wel, het ons geleer dat Markus 16, van die 9de vers af aan, nie geïnspireer is nie."

Die moedertjie het gesê: "Wel, Halleluja!"

En hy het gesê: "Moeder. Wel," hy het gesê: "jy maak soos daardie mense."

En sy het gesê: "Wel, glorie aan God!"

Hy het gesê: "Wel, moeder, wat makeer jou?"

45 Gesê: "Ek het net gedink: as die Here my kon genees met ongeïnspireerde Woord, wat kan Hy regtig doen met *Dit* wat regtig geïnspireer is?" As daardie deel nie geïnspireer is nie? So dis reg. Ek glo Dis alles geïnspireer. Elke deeltjie Daarvan. En Dis alles vir ons, elke deeltjie is vir ons.

46 Ons het geen behoefte of gebrek aan enigiets nie. God het alles voorsien wat ons nodig het op hierdie reis. Dit is net hier vir ons voorsien. O, ooit . . . Wanneer 'n mens ook al wedergebore is uit die Gees van God, gee die Here hom 'n tjekboek gete- . . . genoeg om hom te voorsien deur sy reis; en onderaan elke tjek, vir enige verlossingsseëning, is geteken, *Jesus* se Naam. Vul dit net in en stuur dit in. Kyk of Hy dit nie uitbetaal nie. Dis reg. Stuur dit net—net soontoe. Dit, die deposito, is alreeds daarin. Dit is gedeponeer op Gólgota: "Want Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede verbrysel: die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom; en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Alles geteken in Sy Bloed. Dis alles verby. Enige . . . "Wie ook al wil, laat hom kom." En dis bewys. Dis hier bewys, dat Hy opgestaan het uit die dood en Hy lewendig is onder ons vanaand.

47 Hy is die Bevryder van ons wat in slawerny is. Enige persoon wat in slawerny is, Jesus Christus is hier om hulle te bevry vanaand as jy dit sal glo. Nou, ek's nie hier om julle te bevry nie, want ek kan dit nie doen nie. Ek is nie gestuur om dit te doen nie. Ek is gestuur om die Evangellie te verkondig. Dis al. Christus het gekom om te bevry.

48 Nou, Moses, toe hy net gebore is as 'n baba, net . . . Dit was 'n groot gevaar in Egipte en hulle het al die manlike kinders doodgemaak. En reg in daardie tyd is Moses gebore, en die moeder, wat gesien het hy is 'n mooi kind, was nie bang vir—vir Farao se dreigement van wat hy sou doen met al die kinders nie.

49 Nou, soos julle sal sien vriende, van die begin af, ek wil hê julle moet goed oplet hierna, van die begin af, dat gawes en roepings sonder bekering is. Dis wat die probleme veroorsaak. Sien? Moenie enigiets probeer naboots nie; wees net wat jy is in die Koninkryk van God. As jy 'n vinger is, wees 'n vinger; as jy 'n neus is, wees 'n neus; oog, wees 'n oog. Ek hoop my vinger besluit nooit om nie 'n vinger te wees nie, want dis nie 'n oog nie. Dit sal my beslis tot stilstand bring vir 'n tydjie. So dis die manier, ons

moet almal ons posisies kry en voortgaan. Maar die hele groep tesame, is die Liggaam van die Here Jesus Christus, maak nie saak wat dit is nie.

50 Nou, wys dat gawes en roepings sonder bekering is. Kyk na Jesus; Hy was die vrou se Saad uit die tuin van Eden. Hy was gebore as die Seun van God. Moses, hy was 'n mooi kind toe hy gebore is, en is gebore om 'n verlosser te wees. Hy kon nie help om 'n profeet te wees nie. God het hom dit gemaak by sy geboorte.

Kyk na Johannes die Doper, sewehonderd-en-twaalf jaar voor hy gebore is, was hy die "stem van een wat roep in die woestyn."

51 Kyk na Jeremía, Jeremía 1:4, dink ek. God het vir Jeremía vertel, gesê: "Ek het jou geken, en—en jou geheilig, en jou as 'n profeet verordineer vir die nasies, nog voordat jy ooit verwek is in jou moeder se skoot." Nou, jy moet glo in voorbestemming en voorbeskikking, jy net, dis daar.

52 "Gawes en roepings is sonder bekering." Dis wat God in die kerk geplaas het. Ek verskil bietjie van my Spadereënse broers daar, van daardie oplegging van hande, geestelike gawes te gee. Ek glo julle het dit verkeerd. Sien? Dis alles reg, ons wil nie daaroor stry nie, maar ek—ek glo julle is verkeerd daaroor. Sien?

53 Paulus en Timótheüs, hulle het dit herken, Timótheüs, as 'n prediker en 'n begaafde man. Ons doen dieselfde ding in die Baptiste kerk en al die res van hulle, wanneer ons 'n man soos daardie sien, om hande op hom te lê. Maar nie om hom 'n geestelike gawe te gee nie, maar om hom die regterhand van gemeenskap te gee en 'n seën oor hom uit te spreek om te preek met die gawe wat God hom gegee het. Dis—dis net die verskil, julle sien. En so as julle hom 'n gawe probeer gee, dis wat die mens doen, sien, en dit sal nooit werk nie. Dit was beslis nie suksesvol nie, en ek dink nie dit sal ooit wees nie.

54 Nou, maar as God enigiets gedoen het, is dit anders. Moses het besef dat hy Moses was. God, hoe Hy hom bewaar en vir hom gesorg het. En toe, toe hy oud genoeg was, het hy gedink die mense sou beslis verstaan het, geestelik genoeg wees om te verstaan.

55 Nou, daar's 'n punt waar ek wens ons genoeg tyd gehad het, dit nie so koud was nie, om net op te bly vir 'n paar oomblikke: Die mense het hoegenaamd glad nie verstaan nie! En toe hy die Egiptenaar doodgeslaan het, gedink het dat die mense sou verstaan, sy eie mense, dat hy gestuur is om hulle te bevry, maar, hulle het nie verstaan nie. Nou . . .

56 Ons vind toe uit, dat hy gevlug het na die land van Midian. En daar het hy met 'n Ethiopiese meisie getrou, met die naam van Sippóra. Moses het, aan die begin,'n baie groot humeur gehad. Ons weet dit. God moes dit uit hom uithaal. So toe het ons . . . het hy met hierdie meisie getrou en hy het 'n dienskneg van

sy skoonpa geword, die skape opgepas in die agterkant van die woestyn.

57 Eendag, ek kan my net voorstel, hierdie ou man van tagtig jaar oud te sien. Daar is twee kinders vir hom gebore daarbo. En hier kom hy nou af, besig om die skape op te pas, net 'n skaapwagter, 'n man buite. . . uit die wil van God uitgegaan, en 'n man vermoor, en nou daaragter, as 'n skaapwagter.

58 Maar as God enigiets voorbeskik het, gaan dit net so seker gebeur, as wat God in die Hemel is. So dit gaan in elk geval wees. Daar is niks in die wêreld wat gaan keer dat Jesus Christus die tweede keer kom nie. God het dit voorbeskik om so te wees. Daar is geen manier in die wêreld, dat jy ooit die boodskap van Goddelike genesing kan stop nie. Jy kan dit soveel beveg as wat jy wil, maar God het voorbeskik dat dit sou uitgaan, en dit gaan uit. Dis reg. Maak nie saak, iemand. . . "God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig." So die beste ding om te doen, is om aan te sluit by God se program en saam met die kerk te marsjeer, is die beste wat ek weet om te doen.

59 Hier 'n tyd gelede, was ek bo in die Vryheidsstandbeeld en in daardie arm uitgegaan. En terwyl ek daar uitgekyk het oor daardie venster, het ek 'n klomp dooie mossies oral aan die buitekant sien rondlê. En ek het vir die gids gesê, ek het gesê: "Sê, wat makeer? Daardie mossies is—is dood."

60 Hy het gesê: "Meneer, daar was gisteraand 'n storm, en daardie kleintjies wat rondgesirkel het, en het in die lig van hierdie Vryheidsstandbeeld hier beland. En in plaas van om die lig te volg na veiligheid, het hulle gekom en hulle breintjies stukkend geslaan, om die lig te probeer uitdoof. Die enigste ding wat hulle kon help, het hulle probeer om dit uit te doof en hulleself doodgemaak in die proses."

61 Ek het gesê: "Prys God. Daar mag ongelowiges wees wat opstaan daarteen, wat nog, skeptici, en ongelowiges, maar hoe meer julle die Lig probeer uitdoof, die Lig van God probeer uitdoof, sal julle net julleself doodslaan en in skande val, en die Lig van God sal voortskyn deur die eeue." Dis reg. God sal voortbeweeg, ongeag van enigiets wat enigiemand kan doen. Die beste ding om te doen, is om reguit by Hom aan te sluit en reguit aan te beweeg saam met die—saam met die vloei van die Heilige Gees.

62 En Moses, toe hy daaragter aan die agterkant van die woestyn was, eendag, ek neem aan bietjie mismoedig, aangestap het, gedink het aan wat onder in Egipte gebeur het, en al sy vriende. En hier was hy met 'n ander ras mense getroud, en besig om sy skoonpa se skape op te pas. Hy het net oorkant toe gekyk, en hy het 'n brandende bos gesien, en hy het gedink dat dit vreemd was dat die bos nooit gebrand het nie. So, God, het probeer om Moses se aandag te trek.

63 En hoe weet ek, hoe weet jy, dat hierdie diens hierbuite nie was om. . . God het dit hierbuite gesit om die aandag van sommige van julle mense te trek wat in hierdie kerke hierrond bly, sonder om te weet dat God uit die dood uit opgestaan het, en Jesus vanaand hier lewendig is om die siekes en beproefdes te genees? Miskien het Hy jou hier uitgebring om hierdie verlamdes, en kreupeles, en gebreklike mense te sien opstaan uit die rolstoele en wegstap, om Sy Gees deur die gehoor te sien beweeg en mense korrigeer, en sondaars bestraf hier by die platvorm, mense wat heilig, godvresend lyk, hulle kom vertel waar hulle sondig, en die dinge is. En elke Woord daarvan is onfeilbaar die waarheid. Hoe weet jy nie God het jou aandag getrek om te kom en na iets soos daardie te kyk, sodat jy ook sou afdraai nie? Nie wegdraai van jou kerk af nie, maar wegdraai van jou lewenswyse af, en die lewende God dien in die nuwe geboorte en wedergebore word. Miskien doen God dit.

64 Moses het afgedraai, en terwyl hy na daardie brandende bos gekyk het, het hy begin, gesê: "Wel, ek sal nadergaan en kyk wat hierdie verskynsel is." Gewoonlik openbaar God Homself in vuur.

65 So hy het afgedraai om daarna te kyk, en God het met hom gepraat uit die bos uit en gesê: "Moses, trek uit jou skoene, want die grond waarop jy staan, is heilige grond."

Nou, wat as Moses sou sê: "Nou, Here ek gaan net eerbiedig wees teenoor U, ek gaan my hoed afhaal, dit sal net so goed wees"?

God het nooit gesê: "jou hoed" nie, Hy het gesê: "jou skoene."

Nou, as ek sal sê: "Wel, ek sluit by die kerk aan; is ek nie net so goed soos die volgende man nie?"

God het nooit gesê: "As iemand nie by die kerk aansluit nie. . . " Hy het gesê: "'n Mens moet wedergebore word. As hy nie. . . "

Sê: "Wel, ek—ek gaan na 'n goeie kerk toe."

66 Dis goed, maar dis nie die vereiste nie. "As iemand nie gebore word uit water en Gees nie, sal hy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie." God het een vaste program, maak nie saak hoe goed enigiets anders lyk nie. Jy moet in lyn kom met God se Evangelie. Die Bybel sê dit, en dis die ding wat ons moet doen.

67 En Moses moes in lyn kom met God se program, nie wat Moses gedink het eerbied was nie, maar wat God eerbied genoem het. En hy het gaan sit, sy skoene uitgetrek, en nadergestap. Hy het gesê: "Ek het" Hy het: "die jammerklagte van My volk gehoor, en Ek het afgekom, en Ek gaan jou stuur om hulle te verlos."

68 Julle weet Moses het gekla. Hy het gesê: "Nou, kyk, ek's 'n man wat hakkel. Ek kan nie baie goed praat nie, en ek's nie welsprekend nie, ensovoorts." Hy het begin kla, en God het vir hom gesê Hy sou Aäron stuur. En toe wou hy weet, het hy gesê, of hy Sy heerlikheid kon sien, wat hy vir hulle kon sê dit gedoen het?

En God het vir Moses gesê: "Wat is daar in jou hand?"

69 Nou, wat ook al naby was, God kon enigiets gebruik het. God kon 'n bos gebruik het. Maar Moses het iets in sy hand gehad. Hy het gesê: "Dis 'n stok."

70 Hy het gesê: "Gooi dit op die grond." En hy het dit neergegooi, en toe hy het, het dit in 'n slang verander. Hy het dit aan die stert opgetel; dit het weer in 'n staf verander. En God het vir Moses daardeur gewys, wat Hy kon doen, dat Hy steeds die lewende God was. Hy kon die natuurlike neem en dit in die bonatuurlike verander. Hy kon doen wat Hy ook al wou, want Hy was God.

71 Moses het daardie stok in sy hand opgetel, oorgehardloop en Sippóra, sy vrou gekry, en haar op 'n muil gelaai, en 'n kind op elke heup gesit. En 'n ou donkie aan die toom beetgekry en die stok in sy hand, en hier het hy afgegaan na Egipte om 'n . . . tweemiljoen mense te bevry.

72 Kan julle julle dit voorstel? Wat 'n kritiese gesig sou dit wees. Hierdie ou man, tagtig jaar oud, met wit baard en hare wat *so* waai, wat net gelukkig is en skree, uitroep: "Glorie aan God," sy vrou wat op hierde muil sit, met 'n kind op elke heup, wat afgaan om oor te neem. Kan julle julle dit voorstel?

73 Wat dink julle sou die groot leërs en soldate daardie dag gesê het? "Wel, daardie ou, arme ou man het van sy kop af geraak." Die wêreld dink altyd so, maar hy het die Woord van die Here gehad, en Dit moes gebeur. Hy het God se belofte gehad. En hy het daardie ou stok in sy hand gehad en dit geswaai.

74 Nou, 'n droë stok teen die groot leër van Egipte, wat die wêreld oorwin het in sy dae, duisende der duisende strydwaens, perderuiters, spiesgooiers, die grootste gemeganiseerde eenhede; net soos wat een man vandag Rusland sou probeer teëstaan of soiets soos daardie, sal waarskynlik 'n groter oormag wees.

75 En Moses, tagtig jaar oud, bles-kop neem ek aan, en die wangbaarde wat afhang, en die hare om sy nek, en—en daar het hy hierdie muil gelei, oppad om oor te neem. En die mooi deel daarvan, hy het dit gedoen (Dis reg.), omdat God die belofte gemaak het.

76 Wanneer God enigiets belowe, is God onder verpligting om vir Sy belofte te sorg. God sal dit altyd ondersteun. Ek gee nie om wat Go- . . . wat enigiemand daarvan sê nie, wanneer God sê dis so, is dit so. Rus jou siel, liggaam, en krag daarop, want God

het 'n verpligting teenoor Sy Woord. Amen. Ek is so dankbaar vir daardie liedjie wat ons sing:

Elke belofte in die Woord is myn',
Elke hoofstuk, elke vers, elke lyn.
Ek vertrou in Sy liefde Rein,
Elke belofte in die Woord is myn'.

77 Dis vir wie ook al wil, mag kom en drink uit die fontein van die Waters van die Here, vrylik, sonder geld, sonder prys; dis al klaar voor betaal. Enigiemand kan kom en drink.

78 Moses wat afgaan om oor te neem; wat 'n gesig was dit. En toe hy daaronder gekom het, het hy hierdie ou stok gevat, die enigste ding wat hy in sy hand gehad het, en Egipte oorwin, en die kinders van Israel gelei, en hulle gevoed met dieselfde stok, totdat hulle na die beloofde land toe gegaan het. Amen. 'n Ou droë stok! Jy mag dalk nie te veel in jou hand hê nie. Jy mag dalk nie eers kan fluit nie. Maar wat jy ook al in jou hand het, laat God dit beetkry en Hy sal dit seën. Amen.

79 Jy nie meer kan doen as getuig vir jou buurman nie, as jy nie meer kan doen as jou hand opsteek nie, sê: "God, ek aanvaar elke Woord Daarvan," neem wat in jou hand is en doen wat jy kan, tot eer van God.

80 Daar was 'n klein seuntjie, eenkeer, wat gegaan het om Jesus te sien, en hy het vier of vyf klein broodjies en 'n paar vissies daarin gehad. Nou, in die klein seuntjie se hand was dit nie te veel nie, maar eenmaal in die hande van die Here Jesus Christus, het Hy dit geseën en vyfduisend gevoed. Die klein dingetjie wat jy het, mag 'n sprankie geloof wees wat daaronder lê, dat jy glo dat Hy uit die dood uit opgestaan het. Dis nie te veel vir jou nie, maar laat dit eenmaal los in 'n getuienis, dit mag die oorsaak wees van honderde mense wat na die Here Jesus Christus toe kom.

81 As jy daar siek en kreupel sit, en jy het 'n sprankie geloof, laat dit los vanaand en sê: "Here Jesus, dit is al wat ek het, om U Woord te vertrou, en hier kom ek, dit hang van U af om vir die res daarvan te sorg." God sal ook vir jou die res daarvan vertel. Laat jy dit net los en laat Hom dit kry.

82 Watter soort atoom het Jesus daar losgelaat? Hy het vis geneem, nie net het Hy hulle gevoed met rou vis of lewendige vis nie, Hy het hulle met gaar vis en gaar brood gevoed. Amen. Waar Hy dit gekry het, weet ek nie. Hoe dit ook al sy, Hy—Hy het hulle gevoed en hulle het dit geëet.

Soos die kêrel gesê het, nie lank gelede nie, het gesê: "Glo jy daardie storie van Elía wat daarbo gesit het en die kraaie?"

Ek het gesê: "Ja, meneer. Ek glo elke woord daarvan." Dis reg.

83 Hulle het gedink Elía was mal, om daarbo op 'n berg te gesit het, en hy het iets gekry om te drink net wanneer hy wou. En

daardie vernames en hoëlui daaronder was besig om van die honger dood te gaan, en dan het hulle hom mal genoem. En dit het beter met hom gegaan as baie van die mense, hy het 'n paar gekleurde diensknegte gehad wat vir hom kos aangedra het elke keer wat hy honger geword het. Dis beter as baie mense wat hier sit vanaand. Dis reg. Elke keer wat hy honger geword het, hier het 'n kraai gekom met 'n toebroodjie en dit vir hom gegee, weggevlieg. Gekniel en vir hom water gekry om te drink, wanneer hy wou. Hy was in die wil van God. Hy het God op Sy Woord geneem. Amen. Dis—dis—dis al wat jy hoef te doen, is om Sy Woord te neem.

Iemand het gesê: "Nou, Broer Branham, glo jy regtig daardie kraai het vir hom 'n toebroodjie gebring?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Hy het gesê: "Wel, waar het die kraai dit gekry?"

84 Ek het gesê: "Ek weet nie. Die kraai het dit gekry en dit vir Elía gebring, en hy het dit geëet." Ek het gesê: "Dis hoe dit is met die Heilige Gees. Jy het met my gespot omdat ek geskree het." Ek het gesê: "Ek kan jou nie sê waar dit vandaan kom nie; die Heilige Gees bring dit. Ek eet dit net. En ek hou daarvan en ek lewe daarvan. Ek weet nie waar dit vandaan kom nie; maar ek kry dit; dis al wat ek weet. Solank Hy dit bring, is ek gewillig om dit te aanvaar." Amen.

85 Sê: "Hoe gaan daardie kêrel loop as hy nie na die dokter toe gaan nie?" Ek kan dit nie help nie; as God so sê, sal hy dit in elk geval doen. Hou jy maar net dop. Dis God se besigheid om vir Sy Woord te sorg. Hy waak daaroor om Dit uit te voer, en Hy het 'n verpligting Daarteenoor. En Hy sal dit in elke geval doen (Amen.) vir enige man of vrou wat sal durf om Hom op Sy Woord te neem (O, goeiste, dis die waarheid, ja, meneer. Moses het soontoe gegaan, en hy het net presies gedoen wat die Here vir hom gesê het om te doen.), as jy net sal vat wat jy in jou hand het, en dit vir God sal gee.

86 Nou, daar was eenmaal 'n kêreltjie, 'n bietjie later as daardie, met die naam van—van Dawid, 'n ou klein skaapwagtertjie wat buite op die heuwel gewoon het, besig om sy pa se skape te voer. Maar hy het geweet die seën van die Here was op hom. So hy het geweet dat God met hom was. En eendag, toe die leërs van Israel versamel het om teen die Filistyne te veg, wel, het sy vader, Isai, gesê: "Nou, ek gaan jou na jou broers toe stuur; vat vir hulle 'n paar rosyntjies ensovoorts, en gaan soontoe en kyk hoe dit met jou broers gaan." Twee van die oudste seuns was in die oorlog.

87 So Dawid het uitgegaan. En julle weet toe hy daar gekom het, het hy iets aanskou. Die Filistyne was versamel aan die een kant en Israel aan die ander. Saul wat daar gesit het, sewe voet, vier duim lank of *iets*, yslike groot aansienlike kêrel. Maar oorkant, aan die anderkant van die leegte, daar oorkant was die Filistynse

leër, en hulle het 'n groot uitdager gehad, of, 'n groot kampioen met die naam van Goliat. Goeiste, hy was omtrent nege voet, vier duim lank, en wat 'n kêrel was hy. En wanneer die duiwel weet hy het die oorhand oor jou, dan sal hy dit beslis invryf vir jou, as hy moontlik kan.

88 So hy het buite op die heuwel gekom daar en hy het gesê: "Ek sal vir julle 'n voorstel maak, al julle kêrels. Laat ons nie enige bloedvergieting veroorsaak nie." Sien? Hy's groot, en hy het 'n voordeel teenoor hulle almal gehad. So hy het gesê: "Stuur julle. . . kies julle vir julle 'n man uit daar oorkant uit die leërs van Israel, en laat hom hiernatoe kom, en teen my veg; en as ek hom doodmaak, dan dien julle almal ons, as hy my doodmaak, dan sal ons julle dien." Sekerlik. Dis hoe die duiwel dit sal doen.

Nou, julle neem byvoorbeeld hierdie kêrel hier: "As ek net *hierdie*, of *daardie*, of *daardie* kan sien." Sien? Wanneer hulle ook al daardie soort idee kan kry. . .

89 Maar eendag het hy gespog in die verkeerde man se oor. Daar was 'n ou klein skraal kêreltjie, wat waarskynlik 'n honderd-en-tien pond geweeg het, met skouers wat soort van gehang het en 'n klein skaapwagtersjassie wat om hom gedraai was. En daardie oggend, toe die leërs op-en-af geloop het, en op mekaar geskree het, en wou begin veg het, wel, het hierdie groot uitdager uitgekom, gesê: "Nou, ek daag die leërs van Israel uit." Maar dit het toe vir hom op die verkeerde man se ore geval. Ja, meneer.

90 Daar was 'n ou seuntjie daar wat geweet het waarvan hy praat. Hy het gesê: "Wat is hierdie? Wil jy vir my sê dat julle sal staan en toelaat dat die. . . daardie onbesnede Filistyn die leërs van die lewende God uitdaag?" Amen. Hy het geweet waarvan hy praat. O, goeiste. Goliat, jy het toe jou verkeerde uitdaging gemaak.

91 En toe dit op Dawid se oor geval het, toe het sy broer gesê: "Nou, kyk hier, ek ken die ondeundheid van jou hart, nou, hou jy net op om sulke dinge te sê."

92 Party van hulle het gesê: "Wel, hy kan met die koning se dogter trou, en hy sal vir hom rykdomme gee, en sy pa se huis sal vry wees in Israel, ensovoorts."

Hy het gesê: "Waarvan praat julle almal nou?" Goeiste, net 'n klein kêreltjie, dis net hoe hy. . .

93 Wel, jy kan nie op die uiterlike staatmaak nie. Dis reg. Jy maak nie staat op die uiterlike nie. Jy maak staat op wat in die hart is. Dis reg. As jy sou staatmaak op die uiterlike, wel, sou Israel 'n groot probleem gehad het, as hulle gedink het hulle gaan water uit 'n rots kry. Daar was die droogste plek wat daar in die volk was. Maar God het gesê: "Praat met die rots. Dis die ding wat die water het."

94 Dan sê hulle vandag: "As daar so-iets soos Goddelike genesing is, sou dit in een van hierdie yslike groot, klassieke kerke gewees het." Dis net wat jy daarvan dink. Sien? Dis reg. Miskien is dit die droogste plek wat jy al ooit gesien het, maar daar is water daar, as jy net Daarmee sal praat. Amen.

95 Nou, ek wil hê julle moet oplet. Toe, toe Dawid, ek kan hom net daarnatoe sien loop, en hy het gesê. . .hom voor die koning gebring. Gesê: "Nou, wag 'n oomblik hier," gesê: "bring daardie seun hiernatoe." Hy het na hom toe geloop, die dag. . . Saul het hom "jongeling" genoem. Hy moes 'n ou baie klein skraal kêreltjie gewees het (Julle weet?), klein skouertjies wat gehang het, soort van aangestap het, ou sterretjie-ogies wat na hom gekyk het. Hy het gesê: "Wel, luister, jy kan nie daarteen veg nie."

96 Hy het gesê: "Laat niemand se hart hulle begewe as gevolg van hierdie reus nie." Gesê: "U dienskneg sal soontoe gaan en teen hom veg." O, goeiste. Ek hou van daardie moed. En julle? Hoekom? Ons sal binne 'n oomblik sien hoekom hy daardie moed gehad het, wat daardie verskil gemaak het. Ja, meneer. Hy het gesê: "Ek sal soontoe gaan en teen daardie reus veg."

97 En daar, Saul, die yslike groot baba, wat daarbo gesit het, amper so groot soos 'n reus, en veronderstel om 'n koning in Israel te wees, en *dit* alles, en dan daar gesit en bang was om teen hom te gaan veg.

98 Laat my dink aan baie van hierdie mense vandag, wat nie in Goddelike genesing glo nie. Hulle sê hulle glo in die Bybel, en dan laat hulle die duiwel net oor hulle loop, enigiets. Ek glo in 'n outydse, Heilige Gees ondervinding, wedergebore, gewortel, twee keer dood. Ek—ek glo in iets wat 'n mens lewendig maak. Dit sit moed en Vuur in hom. Dis reg. Dit sal hom die duiwel tromp-op laat loop oor enige Goddelike belofte van God en dit die waarheid laat noem, maak nie saak hoe dit lyk nie. Ou Dawidjie. . .

Wel, het hy gesê: "Jy kan dit nie doen nie."

Hy het gesê: "Laat u my gaan."

Hy het gesê: "Nou, hoe weet jy dat jy dit kan doen?"

99 Hy het gesê: "Kyk hier. Ek gaan jou iets vertel. Ek het 'n bietjie ondervinding gehad." Dis wat dit vandag verg, is iemand wat 'n ondervinding gehad het.

100 Dawid het gesê: "Ek het 'n ondervinding gehad." Gesê: "Ek het my pa se skape opgepas daarbuite, en 'n leeu het ingekom, 'n beer het ingekom, en 'n klein bokkie gegryp, of, klein lammetjie, en weggehardloop daarmee," en gesê: "ek het agter hom aangehardloop en hom oor die kop geslaan met hierdie slingervel, en toe, toe ek begin het om die lam uit sy bek uit te haal, het hy opgestaan, en ek het hom doodgemaak." Hy het gesê:

"Die God wat die leeu in my hande, en die beer in my hande gegee het," hy het gesê: "hoeveel te meer sal Hy nie daardie onbesnede Filistyn nie." Dis reg.

101 So Saul het gesê: "Kom hiernatoe en ek sal dan 'n regte kerklike prediker van jou maak." So hy kry hom daar oorkant, en hy trek 'n groot wapenrusting aan, en sy helm, en alles. Hy het afgetrek oor sy oortjies, en stel voor hy het aan die kant uitgeloer, en 'n yslike groot wapenrusting aan, en hy kon nie beweeg nie. Hy kon net nie vorentoe gaan nie.

102 Dis wat die mense vandag makeer. Wanneer 'n man 'n roepinkie in sy hart kry om die Evangelie te gaan verkondig, moet julle hom oorkant na een van hierdie groot kweekskole toe neem, of iets daar, en al die prediker uit hom uitslaan, en van hierdie wêreldse teologie in hom inkry, soos *daardie*, en al die prediker wat daar is uit hom uithaal, dan vir hom sê om te gaan. Geen wonder hy kan nie glo nie. My goeiste, so ingespan met die wêreld. Halleluja!

103 Ons het nodig om uit te kom en 'n bietjie outydse Heilige Gees af te skud en hierdie ou lykshuise te smelt, wat ons hier nodig het, is dit. Amen. Ja, meneer.

104 Ou Dawid daar, hy het aangetrek sy . . . hy het sy B.A. graad, julle weet, en sy—sy L.L., en dubbel L.D., en D.D., julle weet, alles aan gehad. Hy het gesê: "Ek weet niks van hierdie goed af nie. Ek het nog nooit enigiets bewys nie. Ek weet nie wat dit is nie." Gesê: "Ek kan dit nie doen nie." En Saul het sommer gou uitgevind, dat sy kerkbaadjie nie 'n man van God gepas het nie. Amen.

105 Dis wat die mense vandag makeer. As julle net daardie ou kerkbaadjies sal uittrek en kniel . . . Ek sal liewer 'n ou ondervinding hê . . . Ek sou liewer wil hê my seun moet by 'n man uitkom wat nie sy ABC's geken het nie, en hom hier sou uitneem teen 'n heuwel uit, langs 'n ou stomp iewers, en hom sou deurbid na 'n outydse Heilige Gees ondervinding, as om hom na al die skole toe te stuur in die land, wat die krag van God en die seëninge van God uit sy lewe sou uithaal. Amen. Dis reg. Ja, meneer.

106 En daar, het Dawid na die ding gekyk, gesê: "Ek weet niks hiervan nie. Ek weet nie hoe om 'Ah-man' te sê, en al die doksologië, en al daardie dinge soos daardie nie. Ek weet nie hoe jy dit doen nie." Gesê: "Laat ek gaan met wat ek alreeds as reg bewys het." Halleluja!

107 Dis wat ek sê. Ek weet toe ek na my algemene opsiener toe geloop het, hom vertel het dat die Engel van die Here my ontmoet het, het hy gesê: "Billy, gaan huis toe. Jy het 'n nagmerrie gehad." Hy het gesê: "Wel, jy bedoel met graad sewe geleerdheid, gaan jy vir die siekes bid, en gaan en vir konings bid?"

Ek het gesê: "Dis wat Hy gesê het."

Gesê: "Hoe gaan jy dit doen?"

Ek het gesê: "Ek weet nie, maar dit het my so ver geneem, Hy sal my verder neem." God is in staat, Wat die belofte gemaak het, Dit sal dit doen.

108 Hy het gesê: "Ag, seun, ek dink jy beter teruggaan. Jy het rus nodig." Ek het nie rus nodig gehad nie. Ek moes aan die werk kom. Ek het toe al te lank gerus.

109 Dis wat fout is met baie mense vandag. Wees op en aan die gang. Dis tyd, mense is in die moeilikheid, kom ons gaan, kry hulle vinnig by die Here Jesus.

110 Ons let daar op dat ons ou Dawidjie kry, hy gesê het: "Nou, kyk. Ek weet niks van jou . . . al jou grade nie, en ek weet niks van jou wapenrustings, en al die dinge waarmee julle kêrels veg, en oor stry, en mee baklei nie. Maar ek weet een ding: ek het hierdie ou slingervelletjie vertrou; God het die leeu verslaan met hierdie slingervel; Hy het al hierdie ander goed verslaan met hierdie slingervel; en God sal daardie onbesnede Filistyn verslaan met slingervel."

111 Ek weet dat, toe ek 'n sondaar was, verlore, en in die wêreld, sterwend sonder Christus, dat die Heilige Gees my gered het. Ek weet wanneer ek vermoeid is, dat die Heilige Gees my gelukkig maak. Ek weet wanneer ek kos nodig het, dat die Heilige Gees my voed. Hoeveel te meer sal die Heilige Gees my genees as ek siek is, nadat God dit belowe het. Ek weet nie van julle ander dinge nie, maar ek weet wel God het 'n belofte gemaak, en dis God se belofte, en God sal by Sy belofte bly.

"Wat is daar in jou hand, Dawid?"

Hy het gesê: "'n Slingervel." Amen.

"Hoe gaan jy daardie reus beveg daarbuite met die vyftien- of twintig-voet spies? Jy kan nie naby hom kom nie."

Hy het gesê: "Ek het hierdie bewys. Ek weet wat hierdie ding sal doen."

112 Dis reg. O, 'n man of vrou ooit gebore is uit die Gees van God, wat ooit die Heilige Gees ontvang het, weet hulle wat daardie sal doen. Ek weet nie wat al julle argumenteerdery en al julle skole gaan leer nie, maar ek weet een ding, dat dit sal doen wat God gesê het dit sal doen.

113 Dawidjie het God op wyse van die natuur geleer. Deur daarbuite rond te wees, het hy van stil waters en groen weivelde gepraat. Hy het God in Sy primitiewe toestand gesien, God wat in Sy natuur beweeg.

114 God is in die natuur. Glo julle dit nie? Hy is beslis. Ek hou net daarvan om Hom in die sonsondergang dop te hou, Hom dop te hou in . . . soos die blomme groei, Hom dop te hou wanneer die son opkom.

115 Hier 'n tyd gelede, was ek bo in die berge waarheen ek gaan wanneer ek so moeg word dat ek nie verder kan aangaan nie. En ek het een herfs soontoe gegaan om te jag, en ek het eland gejag. Dit was laat in die herfs. Ons was baie ver op, want die sneeu het nog nie geval om die trop ondertoe te jaag nie. En ek was baie ver op, of, naby die woudgrens. En in die herfs van die jaar, daar ver bo in die hoë berge, kom dit, sal dit 'n bietjie sneeu, en dan 'n bietjie reën, en dan kom die son uit, julle weet hoe dit is in die herfs van die jaar. En terwyl ek aangegaan het, nie om die wild te skiet nie, niks meer om net alleen te wees nie.

116 Ek hou daarvan om eenkant te wees met God. Elke man en vrou. . . Dis die probleem. Julle behoort meer tyd elke dag te spandeer, in plaas van om rond te praat, en rond te hardloop, behoort julle uit te wees hierbuite êrens, om te bid en God te soek. Amen.

117 En daarbo, het ek aangegaan; en daar het 'n storm opgekom, en ek het agter 'n boom ingegaan soos *hierdie*. En ek het agter die boom gestaan en die winde het gewaai. Dit was in elk geval 'n ou omgewaaide area. So toe, na die storm verby was, het ek agter die boom uitgekom, het my geweer neergesit. En ek het gekyk, en ek het die elandtrop in die verte voor my, begin hoor. Hulle het verdwaal in die storm. Hulle het na mekaar geroep.

118 My moeder is 'n half-Indiaan, en dit, net genoeg dat ek net lief is vir daardie buitelewe. O, goeiste. Soos Dawid gesê het: "Wanneer die diepte begin roep na die diepte. . . " En dit het regtig toe begin roep na die diepte.

119 Ou grys wolf net daarbo begin huil, en die maat wat hom onder aan die onderkant geantwoord het. Ek het gehuil soos 'n baba. Ek kon dit nie help nie, net daar gestaan en huil met my hande op in die lug.

120 Ek het uitgekyk; toe het die son uitgekom, ver hier aan die oorkant op die westelike horison, wat deurloer, daardie groot alsiende oog. En oorkant. . . daardie immergroen het gevries daarbo, met die ys. Dit het 'n reënboog onder oor die vallei gevorm soos *daardie*. Ek het gedink: "O, God, oral waar jy kyk, kan jy Hom sien." Daar was Hy. Ek het gedink Hy. . . Daar is Hy wat kyk daar oorkant; Hy kyk deur. Daar is Hy in die elandtrop, en hier is Hy onder in die wolwe wat huil. Hier is Hy in die natuur. Ek het gedink: "Dis. . . " (soos Petrus gesê het) "Dis goed om hier te wees. Kom ons bou drie tabernakels."

121 En ek het baie godsdienstig geraak, en ek het om-en-om daardie boom gehardloop, en geskree so hard as wat ek kon, en geskree en op-en-af gespring net so hard as wat ek kon. As iemand daarnatoe gekom het, sou hulle my na die malhuis toe wou vat, dink daar was iemand kranksinnig in die woude. Maar ek was omtrent vyf-en-dertig of veertig myl van die beskawing af. Ek was alleen by die Here, besig om 'n lekker tyd te hê.

122 Ek het opgekyk, en ek het daardie gesien, en ek het gesê: "Ja, daardie reënboog." God het dit vir Noag gegee. "Sy voorkoms was soos die reënboog, soos jaspis en sardiussteen. Die eerste, die laaste, die Hy wat was, wat is, en sal kom, Wortel en Nageslag van Dawid, die Môrester." En om-en-om die boom het ek weer gegaan, net so vinnig as wat ek kon, net aan die skree so hard as wat ek kon.

123 En 'n ou denne-eekhorinkie, ek weet nie of julle broers al ooit een gesien het of nie, maar 'n ou denne-eekhorinkie het daarbo gesit op 'n stomp. Hy het begin: "Babbel, babbel, babbel, babbel, babbel, babbel, babbel," asof hy my sou verskeur. Ek het gedink: "Waaroor is die kêreltjie so opgewonde?" Hy het net so gebabbel.

124 En ek het soontoe gekyk, en ek het gedink: "Miskien was hy bang vir my." En so het ek net gekyk en daaronder het uitgekom, die wind het—het 'n groot arend afforseer. En daardie groot arend, toe hy uitgekom het, dis waaroor die eekhorinkie geblaf het. Hy het uitgespring op 'n tak soos *daardie*, en die eekhorinkie het teruggespring in sy babbel-babbel.

125 Ek het na daardie groot arend gekyk. Ek het gedink: "Nou, Here, het ek daardie arend daaruit skrikgemaak, toe ek so hard geskree het?" So ek het na hom gekyk en ek het gedink: "Nou, U het hom hier voor my gesit, om te sien, vir iets. Ek weet nie hoekom U daardie arend voor my gesit het nie."

126 Ek het aanhou kyk na hom. O, hy was 'n groot, yslike groot voël. En ek het sy yslike groot, fluweel-oë opgelet wat rondkyk. Ek het gedink: "Wel, daar's een ding wat ek wel van jou bewonder, jong: dit is, jy's dapper, jy's nie bang nie." En ek het gedink: "Hoekom is jy nie bang nie? Dis wat ek wil weet. Hoekom is jy nie bang nie? Is jy nie bang vir my nie?" En ek het na hom gekyk, julle weet, en hy sou daardie vere heen-en-weer skud, julle weet, en heen-en-weer op daardie stomp loop, en rondkyk. Hy het na daardie denne-eekhoring gekyk en na my gekyk. Ek het gesê: "Jong, weet jy ek kan jou skiet?" Net na my gekyk en aangegaan, julle weet, heen-en-weer loop. Hy was nie te veel gepla nie.

127 En ek het gedink: "Hoekom is dit dat jy—dat jy nie bang is nie?" Toe het ek net gesê: "Nou, ek gaan bestudeer, Here, hoekom dit is? Nou, ek sien U daar in die reënboog; ek het die wolftrop gehoor; ek het U oorkant in die sonsondergang gesien. Hoekom? Is U in daardie arend?" En ek het 'n bietjie na daardie kêrel gekyk. Ek het gedink: "Ja, die rede waarom hy nie bang is nie, hy—hy beweeg daardie vere heen-en-weer. God het hom 'n paar vlerke gegee, en hy weet dat, nog voordat ek daardie geweer in my hand kan kry, sal hy in daardie boomtoppe wees, en sal ek hom glad nie kan skiet nie." Ek het gesê: "Prys God." Ek het nog 'n uitbarsting gehad. Hier het ek begin hardloop. Ek het gedink: "Dis reg. Solank as wat jy die Heilige Gees om jou kan voel, wat

maak dit saak wat gebeur? Laat alles gaan, wat dit ook al is. Net solank jy Dit om jou kan voel, weet dat Hy hier is."

Iemand sê: "Broer Branham, is jy nie bang jy sal een aand 'n fout maak nie?"

Ek het gesê: "Nee, nie solank as wat ek Hom kan voel nie, nee, meneer, wanneer Hy weggaan, sal ek die platvorm verlaat, maar solank Hy daar is."

128 Ek het daardie kêrel vir 'n paar minute dopgehou. Ek raak net van my onderwerp af hier, maar ek wil dit vir julle vertel. Toe ek hom daar 'n bietjie dopgehou het, na 'n rukkie het hy moeg geraak om te luister na daardie ou denne-eekhorinkie: "Babbel, babbel, babbel, babbel." En hy het net een groot sprong soos *daardie* gemaak; hy was reg bo in daardie boomtoppe, 'n paar klappe van sy vlerke. En hy het nooit weer een keer sy vlerke geklap nie, hy het net geweet hoe om sy vlerke te stel. En ek het hom dopgehou. Elke keer wat die wind sou inkom, sou hy opry. Elke keer wat die wind sou inkom, sou hy opry. Net bly aan-en-aan-en-aan-en-aangaan, tot hy 'n spikkeltjie geword het.

129 Ek het daar gestaan en geskree so hard as wat ek kan. Ek het gesê: "Ja, Here, dis reg; dis reg. Dis nie spring en by die Metodiste aansluit, en terug na Baptiste, en oorkant na die Presbiteriane, oorkant na die Pinksters toe, Gemeente, Eenheid, oral rond soos daardie nie. Dis net om jou vlerke te stel." Halleluja! Dis reg.

130 Dis nie om van een genesingsdiens na 'n ander te hardloop nie. Dis nie om van een dokter se kantoor na 'n ander te hardloop nie. Dis om te weet hoe om jou vlerke van geloof te stel in die krag van die Heilige Gees; elke keer wat Dit inkom, op te ry Daarop totdat jy hierdie ou aardsgebonde babbel, babbel, babbel kan verlaat. Hierdie ou klomp wat sê: "Die dae van wonderwerke is verby," en: "Dit was vir mense lank gelede": ry bo dit uit. Elke keer wat die Heilige Gees inwaai, haak jou vlerke Daaraan en beweeg buite sig, hoër op in die hemele van Hemel. Verlaat daardie ou aardsgebonde *so-en-so*, wat hieronder sit en sê: "Wel, ek glo die dae van wonderwerke is verby. Ek dink net daardie mense, wat so dink, is van hulle koppe af." Ry net bo dit uit. Amen. Moenie klap en spring nie, stel net jou vlerke. Laat die Heilige Gees jou oplig, jou oplig, jou oplig. Hou net aan, totdat jy uit is.

131 Ja, eendag, daar, het ek beeste opgepas. Ek het niks opgelet van 'n are-. . . of, nog iets van 'n arend: 'n Ou moeder-arend, wanneer sy haar nes maak, maak sy dit van groot stokke en goed, en dit stink daar.

132 So wanneer die arendjies begin vlieg, het ek opgelet, ek het gehaak, my perdeteuels om 'n tak gesit, en soontoe gegaan. Ek het 'n verkyker gehad en net dopgehou. Ek het die ou moeder-arend ver daarbo gesien; sy het iets gedoen, in die lug rondgeklap. Ek het my verkyker op haar gerig en haar dopgehou, want ons

het beeste afgebring. En ek het daarbo ingekyk, en ek het haar gesien, hoe sy daardie kleintjies uitgekry het. En sy het daardie ou klein arendjies om-en-om gejaag daarbo.

133 En na 'n rukkie, het sy hulle almal op haar vlerke gekry; en sy het hulle net opgetel uit daardie ou stink nes, en afgegaan in die vallei, en sy het haar groot vlerke laat sak soos *daardie*, en toe sy het, het al daardie klein arendjies afgeklim en daar begin rondloop. Eerste keer wat hulle ooit hulle pote op gras gehad het, goeiste, as hulle nie 'n lekker tyd gehad het nie. Ek het gesê: "Here, as dit nie 'n outydse Heilige Gees herlewing was nie, het ek nog nooit in my lewe een gesien nie." Dis reg. Ek het gesê: "Kyk na hulle!"

134 Uit daardie ou stink nes daarbo, julle weet, waar die ou stink en dorings en goed, dis hoe God maak. Hy lig jou op op die vlerke van 'n arend, en dra jou weg van die ou stink goed van die wêreld na hierdie plek waar alle dinge moontlik is, vry soos jy kan wees. Amen.

135 Toe het ek opgelet hoe hulle rondhardloop, 'n mondvol gras *hier* gryp, en oorkant toe hardloop, 'n mondjievol *hier* gryp, en speel, net 'n lekker tyd hê, geen veroordeling hoegenaamd nie. Ek het gedink: "Wel nou, wat gaan daardie ou moeder doen?"

136 Nadat sy gesien het haar kleintjies speel baie lekker en het 'n lekker tyd gehad, het sy weer haar vlerke gestel, en sy het baie hoog opgegaan na die hoogste rots wat sy kon kry. Sy het daarbo geland en haarself laat sit, begin rondkyk. O, goeiste. Ek het gedink: "Dis reg. Toe die Here Jesus my uit die modderslyk gehaal het en my op die Rots, Christus Jesus gesit het, het Hy die vestings van die Heerlikheid uitgeklim, hoog bo gaan sit, en afgekyk. Sy oog is op die mossie, en ek weet Hy waak oor my." Geen onheil, geen gevaar, niks anders kan gebeur, solank as wat ons in Sy Goddelike Teenwoordigheid is nie. Amen. Laat kom, laat gaan wat wil; selfs die dood self het sy angel verloor. Want Hy staan oorkant in die Heerlikheid vanaand; Sy oë hou hierdie diens dop om net presies te sien wat gebeur, terwyl Sy kleintjies om die troon van God vergader, oor die Woord van God juig, in die Teenwoordigheid van God uitroep, o, goeiste, sorgeloos.

137 Daardie kleintjies het na niks gesoek nie. Man, jy laat 'n prêriewolf hulle bekruip, sal hy die grootste loesing kry wat hy ooit in sy lewe gehad het. Amen. O, goeiste.

138 En toe sy daarbo gesit het, toe naderhand, ek het omtrent twee ure daar gesit en haar dopgehou. 'n Klein noordewindjie het gekom, 'n klein groen strokie, kom vinnig op, die storm wat aankom. En toe sy geskree het, toe sy daardie nes daarbo verlaat het, het sy reguit ondertoe gevlieg soos *daardie*, een keer geskree, en al daardie arendjies regoor die—die grasvlaktetjie daar, het begin versamel. Sy het haar vlerke oopgesprei soos *daardie*. Elkeen van daardie klein arendjies het net gehardloop

en op die vlerk gespring, hulle snaweltjies *so* om 'n veer gebyt. Sy het daardie yslike groot meestervlerke opgelig, en daardie storm wat teen daardie heuwel afgekom het en sestig myl per uur geloei het. Sy het net so reguit na die rots toe gegaan as wat sy kon en hulle na die beskutting toe geneem.

139 Ek het gedink: "Ja, een van hierdie dae, sal daar 'n kreet van bo af kom; die Here Jesus sal kom en Sy groot vlerke uitsprei, en al Sy kleintjies sal op die arms van die ou ruwe kruis spring, en ons sal weggevoer word na veiligheid van Sy dag wat kom, tot die storm van die lewe verby is." O, wat 'n wonder as jy sal kyk na God, na Sy natuur.

140 Dawid het dit gesien en hy het geweet dat God was, en dat God sou verlos. Hy het God in Sy natuur gesien. So hy het gesê: "Gee vir my hierdie ou slingervelletjie. Ek het dit al beproef. Dis al ding waarvan ek enigiets af weet, is hierdie slingervel."

141 En dis al waarvan 'n gelowige enigiets weet: "Dat God so gesê het, en hierdie is die ou slingervel. Ek sal Dit enige tyd vertrou, teen enigiets wat die duiwel daar kan sit," (Amen!) "is die Woord van God."

Die Woord van God alleen sal die Satan enige plek, enige tyd, onder enige omstandighede verslaan, as 'n man of vrou sal waag om Dit, God, op Sy Woord te neem. Amen.

En ek kan hom toe sien, soos hy gesê het: "Wel, gaan voort. Mag die Here met jou wees."

142 Hy het daar afgebuk en vir hom uitgesoek in die ou vallei en vir hom vyf klein klippies gekry, en hy het hulle in sy sakkie gesit. Hy het een onder in sy slingervel gesit en daar uitgestap om Goliat te ontmoet. En Goliat het na hom gekyk en gesê: "Is ek 'n hond?" Wel, hy het hom vervloek in die naam van sy gode. Hy het gesê: "Ek sal jou neem, jou klein weselagtige, holy-rollertjie, jy, en hierdie spies in jou insteek, en jou hier ophang en die voëls 'n rukkie aan jou laat vreet." Ja, meneer.

Julle sê: "Dawid was nie 'n holy-roller nie." Ja, hy was; wat julle 'n holy-roller nóém.

Toe die Ark van die Here begin inkom het, het hy uitgegaan en voor die Ark gedans net so hard as wat hy kon; en sy vrou het hom bespot.

143 Gesê: "Jy nie daarvan hou nie, kyk hierna." En onderom-en-om-en-om-en-om die Ark het hy weer gegaan. As dit nie 'n moderne holy-roller is nie, het ek nog nooit in my lewe een gesien nie. Hy was beslis. Amen.

Iemand het gesê: "Broer Branham, jy het van daardie nuwe godsdiens daar, nie waar nie?"

Ek het gesê: "Nee, ek het 'n goeie dosis van die outydse soort." Amen.

Gesê: "Ek het gesê, ek bedoel daardie luidrugtige godsdiens."

144 Ek het gesê: "Dis die oudste godsdiens wat ooit bekend is." Ek het gesê: "God het vir Job gevra: 'Waar was jy toe Ek die wêrelde se fondament gelê het, toe die môresterre saam gesing het, en die seuns van God uitgeroep het van vreugde, tienduisend jaar voor die wêreld ooit gevorm is.'" Amen. Gaan my in elk geval "holy-roller" noem, so julle kan maar net sowel gereedmaak, gewoond raak daaraan.

145 Let op, broers, laat ek julle iets vertel. Dawid het geweet, en hy het daardie ou slingervel opgewen gehad. Hy het uitgegaan, en hy het gesê: "Jy kom na my toe as 'n Filistyn, in die naam van 'n Filistyn, met 'n wapenrusting en met 'n spies, maar ek kom na jou toe in die Naam van die Here God van Israel, van die einste leër wat jy uitgedaag het." En gesê: "Vandag sal ek jou karkas vir die voëls en die diere van die veld voer. En ek sal al die vlees van hierdie Filistyne vat . . . " Toe het hy . . . en die ou kêrel het vir hom gekom.

146 Nou, kyk na Dawid, toe hy oor hierdie spruitjie gehardloop het, oorgegaan het om hom te ontmoet. En toe hy het, wat het hy in sy hand gehad? Hier's wat Dawid gehad het: Hy het vyf klippe gehad, G-E-L-O-O-F [Eng. "F-A-I-T-H," vyf letters in Engels—Vert.], in vyf vingers gedraai om J-E-S-U-S; hier kom hy, vyf klippe in sy vyf vingers; geloof in die Here Jesus. En daardie klip het reguit na die skedel van daardie ou reus toe gegaan, en Dawid het hom neergefel, en hy het sy kop afgekap. En toe hy het, het hy omgekyk; en al die res van hulle gesien wat gedoen is, het hulle moed geskep en hulle swaarde uitgetrek en die Filistyne teen die muur begin terugdryf, en hulle verslaan.

147 Hier 'n paar jaar gelede, toe ek eers begin het, was daar skaars enigiemand wat oor Goddelike genesing gepreek het. Toe hulle gesien het Kongreslid Upshaw en baie van hulle, word genees, ek sê julle: Presbiteriane, en Metodiste, en Gemeentes van God, en almal van hulle, het hulle vir hulle een gekry; en ander het vir hulle een gekry; die Kerk van God het een gekry; Oral Roberts; en die ander het iemand anders gekry; en broer, ons het Filistyne van regs na links verslaan. Halleluja! Want elke hart skep moed vanaand, en die helfte is nog nooit vertel nie. Want Jesus Christus, die Seun van God, het belowe.

Wat is dit in jou hand vanaand? Wat jy ook al het, gebruik dit tot eer van God.

148 Ek kan 'n kêrel daaronder sien met die naam van Simson. Hy het daar uitgegaan eendag, en die Filistyne het 'n bietjie skade aangerig daar; 'n paar jakkalse se sterte aan mekaar vasgemaak, en al hulle koring verbrand. So daardie Israeliete het gekom en hom kom haal, gesê: "Ons moet jou uitlewer aan die Filistyne."

149 En hulle het hom soontoe geneem, en hom vasgemaak met toue, en hom soontoe gebring. En die Filistyne sou hom mishandel, en toe hy het, het die Gees van die Here oor hom gekom. Amen. Dis wat die verskil gemaak het. Toe hy die Gees van die Here oor hom voel kom het, het hy niks in sy hand gehad nie. En hy het afgekyk en daar het 'n eselskakebeen gelê. En hy het daardie kakebeen opgetel in sy hand en 'n duisend Filistyne doodgemaak. Amen. Dis al wat hy gehad het.

150 Hy hoef nie vorentoe te gegaan het en gesê het: "Nou, wag. Laat ek hierdie kakebeen ondertoe vat en dit toets en kyk of dit die druk sal weerstaan of nie." Hy het nie tyd gehad om aan al daardie dinge te dink nie. Daar was 'n noodgeval. Die Filistyne was op hom. Al wat hy kon doen, was om 'n kakebeen op te tel en te veg. Dis al wat daar was.

151 En vanaand, het jy nie tyd om weg te hardloop en al hierdie goed uit te dink nie. Die herlewing sal môre-aand verby wees. Kom ons tel God se Woord op, Wat in jou hand is, kom ons veg teen ons aartsvyand. Amen.

God het hom die oorwinning gegee.

152 Daar was 'n ou klein kêreltjie daaronder in die Bybel, met die naam van Samgar. Mag hom nog nooit eers opgelet het in die Boek van Rigters nie, net 'n ou klein kêreltjie. Kom ons neem 'n klein dramatjie van hom.

153 Ek kan hom daar oorkant sien, arme ou kêreltjie. Dit was 'n tyd wat almal gemaak het wat hulle wil. En Israel het nie 'n koning gehad nie. Hulle was almal verdeel, opgedeel, klein groepies, en omtrent soos die kerk vandag is.

154 Een is Gemeente. Die ander is 'n Kerk van God. Die ander is 'n Eenheid. Die ander een is 'n Baptis. Die ander een is 'n Presbiteriaan. Een is 'n Metodis. O, goeiste. As ons nie *hier* daarvan hou nie, gaan ons *hier*natoe, en *hier*natoe, en *hier*natoe, en . . . O, goeiste. Ek—ek—ek self begryp dit nie.

155 En dan, wanneer hulle daar inkom. En o, wat hulle nodig gehad het was . . . net wat hulle toe nodig gehad het, was 'n goeie outydse, 'n soort bevryding; is wat ons vandag nodig het (Amen.), die kerk terug na die geloof van die lewende God, terug na die belofte van God, terug na die heerlikheid van God, terug na die krag van God.

156 Samgar het al sy goed gekweek, sy koring, soos wat hy elke jaar het. En omtrent die tyd wat hy die oes gereed gehad het, het die Filistyne gekom en dit afgevat van hom. Dis net soos die duiwel maak. Net omtrent al waarvoor die duiwel goed is. Net omtrent die tyd wat jy 'n bietjie moed bymekaar geskraap het, of so-iets, dan kom die duiwel en vat dit van jou af. Dis reg.

157 Net soos die herlewing wat nou aan is. Net omtrent die tyd wat jy dit aan die gang kry, en die heerlikheid van God begin val,

dan moet een of ander kwak kom, en iets doen wat nie reg is nie, en die heerlikheid daarvan wegneem.

158 Hier nie lank gelede nie, het ek afgegaan, hier was een van ons Christensusters, geverf soos 'n Isébel. Ek het gesê: "Wat makeer?"

Sy het gesê: "Wel, prys God." Gesê: "My pastoor het vir my gesê dit was bevryding van vroue."

159 Bevryding van vroue! Wat makeer julle? Glad nie so-iets soos daardie nie. Christus julle bevry het van sonde, tree dan so op en trek so aan. Omtrent die tyd dat die kerk opgebou word en 'n goeie begin kry, dan moet iets soos daardie inkom. Ja, meneer.

160 Sy het gesê: "Wel, ek sê jou." Gesê: "My pastoor het vir my gesê ek kan dit alles doen . . . " En het genoeg verf aan om 'n skuur te verf. Haar—haar vingers het gelyk asof sy rou biefstuk geëet het en bloed oor haar vingernaels.

Ek het gedink: "Vrou, jy lyk nie vir my soos 'n Christen nie."

161 Luister, dame, moenie dat daardie tipe onsin in jou keel afgegooi word nie. 'n Goeie outydse geval van die doop van die Heilige Gees sal daardie uit jou uithaal net presies soos . . . ? . . . Reg. Onthou net, jy het êrens 'n bietjie grond verloor. Ek gee nie om wat daardie vrouepredikerr . . . Sy was nie georden deur God, in die eerste plek nie, ek sal jou dit sê. Dis reg. Dis 'n teenstrydigheid met die Woord.

Luister. Daar was maar net een vrou in die Bybel wat haarself ooit gegrimeer het om 'n man te ontmoet, en dit was Isébel. God het haar vir die honde gevoer.

162 So as julle 'n vrou sien wat erg gegrimeer is. Sê julle net: "Aangename kennis, Mejuffrou Hondekos." Dis wat God van haar gemaak het, net 'n ou hondekos. So julle moet julle glad nie daaraan steur nie; dis van die duiwel; reg. Waar sy behoort te wees: afwas en optree soos . . . Soos Jakob vir sy vrou en dogter gesê het: "Maak julleself soos wat julle behoort te wees." Amen.

163 Wat ons vanaand nodig het, is 'n goeie outydse, Heilige Gees herlewing, wat weer gepreek word met die krag van God wat in-en-uit onder die kerk beweeg, en die styfheid en krae wat weggeneem word. Halleluja! Ja, meneer. Dis wat ons nodig het. Ja, meneer, goed.

164 O Samgar daaronder, omtrent die tyd wat hy iets opgebou het, dan het so-iets gebeur. Dis hoe die kerk, wanneer die herlewing begin, dan moet so-iets opstaan. Broer, preek net die outydse . . .

165 Wel, ons het altyd baie skape in ons streek gehad. En hulle 'n hond gehad het wat skape doodgemaak het; as ons hom gevang het met die wol tussen sy tande, het ons die ou haelgeweer gevat, albei lope, en dit op hom gerig. Broer, dis die ding om op daardie soort kêrels te rig, is die ou haelgeweer, albei lope daarvan. Sê

julle, dit sal dinge regruk. Sal beslis; sal jou skaapslagting stop. Amen. Ek het nie geweet ek gaan dit sê nie, maar julle kan dit net onthou. Goed, dink daaraan.

166 Goeiste, en daar, omtrent tyd wat hy sy koring ingekry het en alles, hier kom die groot ou vet Filistyne, soontoe en vat dit van hom af. Reg op die pad, dit van hom afgevat.

167 Eendag, het hy sy oes net ingebring en dit alles gedors gehad. Daar was hy, arme kêreltjie; hy het daar langs die skuur gestaan, het rondgekyk. Hy het gesê: "Wel, moeder, ons sal miskien dalk. . .kan ons hierdie winter leef, ons en die kindertjies." Rondgekyk.

168 En voor jy jou kom kry het hy net iets in die pad hoor afkom: "Tromp, tromp, tromp, tromp." Hier het seshonderd gewapende manne gekom, yslike koperhelms op, hulle ou groot ysterskoene, hulle spiese in hulle hand, hulle groot swaarde wat aan hulle sye hang, wat in die pad afkom, sy oes van hom af te vat.

169 Ek kan klein Samgartjie sien sê: "O, goeiste. Kyk net daar. Hier kom dit al weer." Hy het oorkant na sy arme vroutjie gekyk. Daar was sy, die elmboë van haar rok wat stukkend was. Daar's die klein kindertjies, wat baie maer gelyk het, omdat hulle niks gehad het om te eet nie. Die Filistyne het dit afgevat.

170 Dis omtrent hoe sommige van die Christene vanaand lyk. 'n Swakkeling, wat 'n gelowige genoem word, 'n wedergebore Christen. Amen. Nie genoeg geloof om 'n kolletjie op 'n *i* te sit as dit ink was nie. Dis reg. O, goeiste.

171 Moenie dat die duiwel kom en die glorie van God uit die kerk verwyder, julle pastoor wegstuur en hom al hierdie D.D.'s laat kry en terugkom, en opstaan en "amen" sê soos 'n sterwende kalf nie. Wat julle nodig het, is 'n outydse, agterveldse, blou-lug, sonde-uitwissende godsdiens van 'n prediker, wat die waarheid sal preek en staan op wat God gesê het die waarheid is, en die mense bevry. Amen.

172 Ek's nie onbeskof nie. Ek bedoel nie om te wees nie, maar broer dis tyd dat ons bring. . .swart, "swart" maak, en wit, "wit." Ja, meneer. Jy sal God in jou kamp kry, en jy sal weer die geroep van die Koning in die kamp hoor, wanneer jy die ding regkry. Amen.

173 Nou, let op. En hier het ou klein Samgartjie gestaan, wat by die venster uitgekyk het, hier kom hierdie Filistyne. Gesê: "O, moeder, kyk daar."

174 Sy arme dogtertjie wat gehuil het. Ek kan sien hoe sy haar hande laat sak, sê: "Pappa, ons sal niks hê om te eet hierdie winter nie." En dan let ek moeder op, en daar begin sy huil.

175 Julle weet, Samgar het rondgekyk. Hy het net nie geweet wat om te doen nie. Hy het rondgekyk. Hy het gesê: "Ek kon nie veg nie. Ek's nie 'n kryger nie, en ek—ek het nie tyd om uit te gaan,

en te gaan leer hoe om swaard te veg, en al hierdie oefeninge en dinge te leer nie. Ek—ek het nie tyd om dit te doen nie."

176 Maar hy het net gekyk, daar in die hoek, het daar 'n ou osdrywerstok gestaan. Weet julle wat 'n osdrywerstok is? Dis 'n ou groot stok met 'n geelkoper-knop daarop om te slaan die. . . om die beeste mee deur die hek te slaan, in die eerste geval, en dan die grond van die ploeg af te slaan wanneer hulle daarmee geploeg het. 'n Ou osdrywerstok wat daar gelê het, dit was die enigste ding wat hy in sy hand kon sit. Maar weet julle wat? Ek sê nie hy het kwaad geword nie, maar sy regverdige verontwaardiging het opgekom. Ja, meneer. Broer, ek sal jou sê hy het gedry-. . .

"Wat is in jou hand?"

177 "Niks behalwe 'n osdrywerstok nie." En hy het gesê: "Ek's nie 'n kryger nie. Ek—ek kan dit nie doen nie. Ek—ek het nie enige opleiding nie." Maar hy het nie enige tyd gehad om opleiding te kry nie. Die enigste ding wat hy nodig gehad het, was die Gees van God op hom. Hy het by daardie venster uitgespring met die Gees van God op hom en daardie osdrywerstok gevat en seshonderd Filistyne doodgeslaan. Amen.

178 Wat ons vandag nodig het, is nie om weg te gaan na die kweekskool toe en te leer of Markus 16 reg is of nie. Broer, die mense gaan dood. Die ding wat ons moet doen, is om nou dadelik uit te gaan. Dit is nie of jy kan swaardveg of nie; dis opstaan. Ja, meneer.

179 Hy het geweet hy was 'n Filistyn. Hy het geweet dat daardie onbesnede Filistyne was. So seker as wat ek daardie siekte ken, solank jy weet dat jy hartprobleme het, wat jou probleem ook al is, ons weet dis van die duiwel. En hy het geweet dat hy 'n Israeliet was. Hy het geweet dat hy besny was. Hy het geweet dat hy 'n reg op die belofte gehad het. Hy het geweet dat God sou belowe het om hom te seën. So hy het baie kwaad geraak daarvoor, en die osdrywerstok opgetel, en aan die werk gespring.

180 Wat ons vanaand nodig het, is om te glo, my broer, dat jy God se kind is, en jy 'n reg daartoe het, en die belofte joune is. Wat ook al in jou hand is, tel dit op, begin die duiwel doodmaak van een kant na die ander. Amen. En jy sal uitvind dat die vere sal vlieg, die duiwel sal verslaan word, en jy sal weer heelhuids daarvan afkom.

181 Wat is daar in jou hand? Jy sê: "Broer Branham, ek het niks in my hand nie." Jy mag 'n gebedskaartjie hê. Laat val die ding op die grond, en staan op in die Naam van Jesus Christus, en sê: "Ek neem Christus as my Geneser vanaand." Halleluja!

182 Jy mag 'n klein kategisme hê wat aan jou arm sit, en my wil nagaan om te sien of ek reg is of nie. Gooi die ding weg, en staan op in die Naam van Jesus Christus, en word gedoop met die Heilige Gees, en gaan voort in die kamp in. Amen. Ja, meneer. Jy

mag 'n klomp klein geloofsbelydenisse hê wat jy in die oggend moet herhaal voor jy kerk toe gaan, en hulle leer, sodat jy hulle kan opsê. Gooi die ding weg en kry 'n vervulling van die hart met die Heilige Gees. Amen. Laat val die ding en vat wat in jou hand is. Wat ook al in jou hand is, vat dit, en doen die beste wat jy kan daarmee, tot eer van God. Amen. My goedheid. Ek was . . . Hier is dit, o, amper tienuur. Kom ons bid.

183 Ons Hemelse Vader, daar is nie veel in ons hand nie; maar God, dis nie wat in ons hand is nie, dis wat U in ons hand kan sit. O God, ons het geloof nodig vanaand. Neem hierdie boodskappie vanaand, Here, en sit dit in die hart van elke gelowige, en laat hulle weet dat, maak nie saak hoe swak die persoon is nie, hulle steeds Christus byderhand het. En ek vra dat U hierdie seëninge sal gee, die verlorenes sal red, diegene wat buite Christus is, met die Heilige Gees sal vul, en eer uit die diens sal ontvang. In Jesus' Naam, vra ek dit.

184 Met julle hoofde gebuig, wonder ek, terwyl ons net vir 'n oomblik hierdie altaar-oproep maak . . . Ek weet hierdie is outydse, rowwe, geskuurde, afgeskilde prediking, so sassafras as kan kom, maar broer jy het dit partymaal nodig. Dis reg. Jy het dit nodig.

185 Nou, ek wonder of daar enigiemand hier is vanaand, nie met een of ander patetiese storie om te huil en aan te gaan nie . . . Luister. Daar sal meer mense daardeur mislei word as enigiets waarvan ek weet. Ek gaan nie Hemel toe, omdat my moeder soontoe gegaan het nie. Ek gaan omdat Jesus Christus gesterf het, sodat ek Soontoe kan gaan. Ek wil, natuurlik, my moeder sien. Maar ek moet na Christus toe kom, nie omdat my moeder gegaan het nie, maar omdat ek kom as 'n sondaar, my sonde bely, God se voorsiende weg aanvaar. Dis reg.

186 Nou, sê jy, vanaand: "Ek is 'n sondaar, prediker, en ek wil hê jy moet my onthou in gebed. Ek steek my hand op na jou toe, om te vra dat jy my sal onthou in gebed as 'n sondaar"? Sal julle julle hande opsteek, enige plek in die gehoor? God seën julle oraloor. My, my, goeiste. Ver bo in die kring om die balkon, is êrens daarbo in? Ja, ek sien julle hande. Al die pad om, God sien hulle ook. Hy sien beslis.

187 Onmiddellik na die diens, wil ek hê julle moet afkom hiernatoe en 'n belydenis maak, jou hart vir Christus gee, en die Here dien met jou hele hart.

188 Hemelse Vader, soos die aand aangaan, siek kindertjies wat rondom sit. Ek bid, dierbare God, dat U genade uitgestort sal word in ons harte net nou. Mag hierdie teksie van *Wat Is Daar In Jou Hand?* . . . Vir Moses, niks behalwe 'n droë stok nie; vir Dawid, niks behalwe twee toutjies met 'n stukkie leer daarin, 'n slingervel nie; vir Simson, niks behalwe 'n droë been van 'n esel se kakebeen nie (O God!); Samgar, nie e- . . . niks behalwe

'n osdrywerstok in sy hand nie, 'n stok met 'n klein stukkie geelkoper op die punt daarvan, en hy het seshonderd Filistyne doodgeslaan, nie 'n kryger nie, nie 'n vegter nie, maar 'n man in die verbond.

189 O Hemelse Vader, sal U nie vanaand, Here, elkeen in U hand neem nie? Skenk dit, Here, en maak geloof oop aan hulle hart, en mag U Heilige Gees die uitermatige oorvloedige doen vanaand, Here, terwyl hulle wag.

190 Gisteraand, so bly om te sien hoe U die blindes laat sien het, en die dowes laat hoor het, en die sondaars na U laat kom het. En O God, al hierdie groot dinge wat U gedoen het, die verlamdes laat losdraai het en uit daardie stoele laat uitkom, en rondloop het in die Naam van die Here.

191 O Here God, U is groot. En ons dank U daarvoor, en ons bid dat U elkeen sal red vanaand wat hulle hande opgesteek het. Mag hulle nooit verlore gaan nie, maar mag hierdie die aand wees wat hulle U sal ontvang. Letterlik 'n honderd of twee het hulle hande opgesteek, en ek bid dat U elkeen van hulle sal seën om Jesus' ontwil. Want dis in Sy Naam wat ons dit vra. Amen. [Leë kol op band—Red.]

192 . . . Hulle het 'n miljoen Bybels onder na hierdie Jode toe gestuur. Hulle het net pas ingekom van Iran af daar, Iran, Irak, en onder in die lande daar. Julle het dit gelees, in daardie tydskrifte gelees hoe die . . . miljoene Jode ingebring het. Ons tyd gehad het om in daardie profetiese ding in te gaan . . . En daardie Jode wat teruggekom het, ek het 'n film van hulle wat daar inkom, waar dit afgeneem is, terwyl hulle van die skepe afkom, van die vliegtuie afkom, besig om hulle verlamdes, en hulle kreupeles, en hulle blindes, te dra.

193 So hulle het na hulle toe geloop. Die man wat hierdie film verfilm het. Broer Arganbright en hulle, wat nou hier in die diens verwag word, hy het hulle gevra, hy het gesê: "Waarvoor kom julle almal terug?"

"Dis die tuisland."

Gesê: "Sodat julle 'n plek van julle eie kan hê, om te sterf in die tuisland."

Hulle het gesê: "Nee. Ons kom terug om die Messias te sien."

194 O, julle profesie-leraars, as julle net geweet het wat dit was. Wanneer hierdie Evangelie ooit oorgaan van die Heiden na die Jood, is die Heiden verby. Dis die endtyd.

195 En so het hulle vir hulle Bybels gegee. Hulle het 'n miljoen daar ingestuur. Daardie Jode het daardie testamente begin lees. Hulle het oorgelees. Hulle het nooit geweet Jesus was hier nie. Hulle het nooit enigiets daarvan gehoor nie, was daaronder van die Babiloniese ballingskap, gevangenskap af. En hulle het gesê: "As hierdie Jesus, wat julle noem, die Messias is, laat ons Hom

die teken van die profeet sien doen, soos Hy hier in hierdie Bybel gedoen het, en ons sal Hom aanvaar. Ons sal Hom almal aanvaar, as Hy sal kom en die teken van die profeet doen. Ons sal Hom aanvaar."

Broer, O, goeiste. Ek was binne 'n paar honderd myl van daar af 'n paar weke gelede, maar die Heilige Gees het my verhoed: "Nie nou al nie."

196 O, hoe ek graag 'n paar miljoen van hulle sal wil uitgroei, en sê: "Ek daag dit uit in die Naam van die Here Jesus, as Hy nie die teken van die profeet sal doen nie: hoeveel van julle, op hierdie selfde gronde, sal Hom as persoonlike Verlosser aanneem?" En dan, wanneer hulle dit doen, sal ek sê: "Hierdie selfde gronde, net hier, is waar julle vroeë vaders die doop van die Heilige Gees ontvang het, en dieselfde tekens wat Jesus gedoen het, sal net presies weer herhaal soos julle dit in die Bybel lees."

Hulle wil nie hê . . . Hulle God is 'n magtige God. Hulle God sterf nie. Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, en hulle glo dit.

197 Let op. Toe Jesus hier op aarde was, het Hy nie aanspraak gemaak om 'n geneser te wees nie. Baie mense het na Hom toe gekom, wat nie genees is nie. Baiekeer is Hy miskien geneem na mense wat dood was. Ek neem aan daar is duisende dood terwyl Hy hier op aarde was. Hy het nooit enige behalwe drie opgewek nie; dis 'n bevestiging. Hy het deur die bad van Betésda gegaan waar mense verlam, kreupel, en verdroog gelê het, nooit een van hulle genees nie, oorkant na 'n man toe gegaan wat op 'n bed gelê het en hom genees, weggeloop en die res van hulle daar laat lê.

198 'n Man vol krag, vol geloof, God Self, Immánuel, hier op aarde, wat onder ons woon, Hy het gesê: "Ek doen niks uit Myself nie." Toe hulle Hom ondervra het in Johannes 5:19, het Hy gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, Die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Nou, volg Sy Lewe deur die Bybel, en vind uit of dit nie elke keer was wat die Vader Hom gewys het nie. Jesus het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie, dis My Vader wat in My woon, Hy doen die werke."

199 Toe Filippus bekeer is, gegaan het en Natánael gekry het, hom teruggebring het, wat het gebeur? Hy het gesê: "Kom, kyk Wie ons . . . ek gevind het, Jesus van Násaret, Seun van Josef."

Hy het gesê: "Kan enigiets goeds uit Násaret kom?"

200 Toe hy Jesus kom sien het, het hy nadergestap in die ry ontmoet soos daarbuite. Jesus het na hom gekyk. Hy mag in die gebedsry gewees het, vir al wat ek weet. Maar hy het gekom tot waar Jesus besig was, om vir die siekes te bid. Hy het vir hom gesê, toe Hy na hom gekyk het, Jesus het na hom gekyk, gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie."

O, hy het gesê: "Hoe het U my geken, Rabbi?" Hom verstom.

"Wel," Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

Hy het gesê: "U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

201 Hy het opgegaan langs die weg van Samaria. Hy was oppad na Jérigo, maar het bo Samaria langs gegaan, ver bo-oor die heuwel. Hy het gaan sit, Sy dissipels weggestuur. 'n Samaritaanse vrou het uitgekom. Hy het haar daar sien water skep. Die Vader het vir Hom gesê om soontoe te gaan. Nie vir Hom gesê wat gaan gebeur nie, net: "Gaan soontoe."

So Hy het die vrou daarbo gekry, en Hy het gesê: "Bring vir My water om te drink."

Sy het gesê: "Dis nie die gebruik vir Jode om so-iets vir Samaritane te vra nie. Ons het niks met mekaar te doen nie."

202 Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy gepraat het, sou jy vir My water gevra het vir iets om te drink." Wat het Hy gedoen? Bly gesprek voer, totdat Hy haar gees onderskei het; toe, toe Hy haar gees onderskei het, wat verkeerd was met haar, gesê: "Gaan, kry jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

Gesê: "Jy het reg gesê. Want jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamwoon, is nie joune nie."

Sy het gesê: "Ek sien dat U 'n Profeet is." Sy het gesê: "Nou, ek weet wanneer die Messias kom, sal Hy hierdie dinge doen, maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

En sy het in die stad ingehardloop, gesê: "Kom, kyk 'n Man wat vir my alles vertel het wat ek al ooit gedoen het. Is hierdie nie die Messias nie?"

203 Nou, as daardie Jesus dieselfde Jesus vandag is, kan Hy dieselfde ding vandag doen, en soos God openbaar, kan Hy dieselfde ding doen. Is dit reg?

204 Nou, kyk hier gisteraand. Daar was mans en vroue wat net hieronder in hierdie ry gesit het, hier, verlam, gesit het in rolstoele. Vanaand is hulle daarbuite in die gemeente, waar hulle ook al is, besig om rond te loop. Hoekom? Jesus Christus.

205 Daar was mans, vroue, wat na die platvorm toe gekom het, sonde in hulle lewe. Die Heilige Gees het net afgegaan, hulle net vertel wat dit was en wat hulle moes doen. Hulle is genees, terwyl hulle net daar op die platvorm gestaan het, hulle harte vir Christus gegee. As dit nie Jesus Christus van die Bybel is nie, ken ek nie die Bybel nie.

206 Wat daarvan, predikers? Klink dit soos Christus van die Bybel? Nou, dit is nie die mens nie, dis Christus. Nou, as Hy

vanaand hiernatoe sal terugkeer, en dieselfde ding doen wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was, sal julle almal Hom dan as Verlosser, as Geneser aanneem, en Hom glo met julle hele hart? As julle sal, sal julle julle hande opsteek? God seën julle.

207 Ons Hemelse Vader, nou is dit, is hierdie al wat ek weet om te doen. Die res hang van U af, my dierbare geliefde Verlosser, en ek bid dat U die seëninge sal skenk, deur Jesus' Naam. Amen.

208 Nou, ons het al die gebedskaartjie opgeneem gisteraand. Ek glo hulle het 'n paar nuwes uitgegee vandag. As die seun . . . Ek sien hy was 'n rukkie gelede hier. En wat was . . . ? O's? Goed, kom ons begin dan en laat hulle in 'n ry staan.

209 Wie het nommer een? O, kyk na jou gebedskaartjie en julle sal dit vind, as jy is, kan jy maar kom. Is hierdie dame hier . . . ? Goed, ja, kom maar nader, dame, net hier. Dis soort van 'n bietjie moeilik. Ek sal waarskynlik net een of twee moet roep.

210 Wie het O, nommer twee? Sal jy jou hand opsteek, wie ook al nommer twee het? Die dame daaragter, sal jy kom, dame, as sy sal? Wie het O, nommer drie? Sal jy jou hand opsteek? Wie ook al O, nommer drie het, sal jy jou hand opsteek? Hieragter, meneer? Jammer. Goed, sal jy daarnatoe kom? Nommer twee en nommer drie, nou nommer vier. Wie het O, nommer vier? Sal jy jou hand opsteek? Jy, meneer? Sal jy hiernatoe kom? Goed.

211 Nommer vyf. Wie het O, nommer vyf? Het jy dit, dame? Sal jy hiernatoe kom? Nommer ses, wie het nommer ses? Sal jy jou hand opsteek? Nommer ses? Laat sommige van die plekaanwysers hiernatoe kom en wa- . . . hier kry wat in hierdie stoele is. (Wat sê jy? Ek's jammer.) Goed, dis gaaf. Goed, nommer . . . Wat was ek . . . ? Vyf? Wie . . . Ses? Wie het sewe? Gebedskaartjie sewe, sal jy jou hand reg . . . ? Sewe, die dame daar. Agt, sal jy jou hand opsteek, vinnig? Agt, nege, sal jy jou hand dadelik opsteek? Nege? Goed, tien? En . . .

212 Nou terwyl hulle in die ry kom. Nou, hoeveel in hierdie gehoor, oraloor nou, wil ek julle vra. Nou, hierdie outydse, sassafras prediking mag so rof wees as kan kom, maar, broer, dis al wat ek ken. Dis wat my gered het. En dis al wat ek ken. Ek . . . Al wat ek ken, ek wil julle nie aanstoot gee nie, maar ek sal julle nou liewer 'n bietjie wil aanstoot gee, om julle reg te kry met God; en te weet ek sal daardie Dag daar moet staan, en julle wat julle vinger in my gesig steek, en sê: "Waarom het jy my nie die waarheid vertel nie?" Sien? Sal dit liewer nou regmaak, en julle, dit alles afgehandel hê?

213 Nou, hoeveel hier het nie 'n gebedskaartjie nie en wil graag voor gebid word? Sal jy jou hand opsteek? Steek net jou hand op, wat nie 'n gebedskaartjie het nie, maar tog glo jy dat God jou sal genees. Mag die Here Jesus in Sy genade julle altyd seën. Goed.

214 Nou, as ons net eerbiedig sal wees vir 'n paar oomblikke, kom ons kyk op hulle lyn . . . Julle . . . wel, dit, ons is omtrent soveel

as wat jy in daardie ry kan kry, neem ek aan. Goed, ons sal vir 'n paar net hier bid nou, en dan die . . . Ons sal net 'n—'n klein rukkie wag om te kyk of die . . . ons dierbare, Hemelse Vader sal lei. Nou, ek wil hê julle moet met julle hele hart glo.

215 Ek sien 'n man het klaar oorgeleun, is daardie jou dogtertjie? Is dit? 'n Man wat soveel geloof het, hy het 'n klein dogtertjie met polio wat hier sit. Toe hierdie gebedsry begin het, het hy oorgeleun en die groot stut en skoen van sy kind afgehaal. Dis die manier. Dis die manier. Uh-hum, en dis—dis geloof. Dis die manier om dit te glo. Ons liefdevolle Verlosser weet alle dinge, kan alle dinge doen.

216 Nou, in hierdie gebedsry hier, net 'n paar, en miskien kan ons nog 'n paar laat opstaan, binne 'n oomblik. Ek wil julle daar vra. Is julle almal vreemdelinge vir my, in die gebedsry? As julle is, steek julle hande op; almal van julle vreemdelinge. Is julle almal vreemdelinge daarbuite? Steek julle hande op, oral in die . . . Is daar . . . ? Almal vreemdelinge. Dan ken ek julle nie. Ek weet niks van julle af nie, maar ek wil vir julle iets vra. Maak hierdie net op die Bybel.

217 Nou, wat as Jesus hier gestaan het, hierdie pak gedra het wat Hy vir my gegee het? Nou, wat—wat as Hy hier gestaan het? Wat sou Hy met hierdie situasie gemaak het vanaand? Wat as—as iemand daarbuite sou kom en sê: "Jesus, sal U my genees?" Weet jy wat Hy vir jou sou sê?

218 Hy sou sê: "Ek het dit alreeds gedoen. Glo jy dit nie?" Is dit reg? Wat Hy op Gólgota gedoen het, Hy kan nie méér doen nie. Sien? Hy—Hy het jou genees op Gólgota. Hy het jou gered op Gólgota.

219 Nou, jy sê: "Ek is twee jaar gelede gered, Broer Branham." Wel, jy is nie gered twee . . . Jy is negentienhonderd jaar gelede gered. Jy het dit twee jaar gelede aanvaar.

220 Jesus het vir jou sonde betaal toe Hy op Gólgota gesterf het. Hy het betaal vir jou siekte toe Hy op Gólgota gesterf het. So daarom, as God, in Sy genade, dit gedoen het, is die enigste ding wat Hy nou kon doen, sou wees om óf, die Bybel op te tel, die Woord te preek. Óf, Hy mag in staat wees om in 'n taal te spreek wat deur iemand anders uitgelê kon word en vir iemand sê om iets te doen. Óf, Hy wat die Prins van die profete is, kon Hy, miskien, hier staan soos Hy het in die Bybelse tyd, en jou geloof kon kom en Hom aanraak tot krag uit Hom uit sou gaan, en Hy sou omdraai, sê: "Wie het My aangeraak?" En Hy sou omkyk en vir jou presies vertel wat gebeur het. Is dit reg? Is dit Jesus?

221 As hierdie dame, wat hier in die stoel sit, dan hiernatoe sou kom, en Jesus sou haar ken, ek ken haar nie. God weet dit. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Maar wat ek by julle probeer uitbring, vriende, sodat julle altyd sal onthou . . .

222 Nou, toe Jesus daardie dinge gedoen het, wat het Filippus gesê was Hy? Die Seun van God. Wat het die vrou gesê is Hy? Die einste Messias, omdat Hy dit gedoen het. Maar wat het die Jode gesê was Hy? Gesê: "Hy's 'n fortuinverteller. Hy's die duiwel. Hy's Beëlsebub, die prins van al die fortuinvertellers." Sien? Hulle het geweet Hy het geweet wat verkeerd was met hulle. Hy het hulle harte geken. Hy het hulle probleme geken, want die Vader het vir Hom gewys wat Hy wou hê Hy moes weet. Sien julle wat ek bedoel? Nou, dis Jesus vanaand, dieselfde.

223 Goed, nou, wees eerbiedig, waar julle ook al is, en dit behoort dit nou, vir eens en vir altyd, af te handel.

224 Sal julle daardie dame hiernatoe bring, of vir haar sê om te kom? Kom hier. Ek net . . . Nou, dame, ek wil hê jy moet net daar staan; doen net dit, net . . . Dis al wat ek vir jou vra om te doen, net daar te staan.

225 Nou, ek ken jou nie. Jy ken my nie. Jy het pas jou hand opgesteek dat jy my nie ken nie, en ek ken jou nie. Maar God ken ons albei, suster, en Hy, en Hy . . . ek het gehuiwer oor daardie "suster" vir 'n oomblik, jy sien, om dit te sê, maar ek besef nou jy is. Nou, sien, dis die eerste—eerste ding wat ek weet dat jy 'n Christen is, want sodra ek jou gees onderskei het, het dit so ingekom, dat jy 'n Christen was. Sien? Jou gees was welkom. As dit aanhou donkerder en oortrokke raak het, het ek geweet jy was nie; sien, en daarom, sou ek jou nie my suster genoem het nie. So dan, maar jy is 'n Christen. Nou, soveel . . .

Nou dis—nou dis net wat Filippus vir Natánael gesê het.

Toe hy nadergekom het, het Hy gesê: "Aanskou 'n Israeliet, of 'n gelowige, in wie geen bedrog is nie."

226 Hy het gesê: "Hoe het jy geweet ek is 'n Israeliet, 'n ware gelowige." Sien? Dis dieselfde gees. Daardie vrou kon 'n rou sondaar gewees het, maar ek weet sy is 'n Christen. Sien? Want die eerste ding, haar gees, toe hierdie salwing wat nou hier is, dit het dit sommer gou opgetel. Julle sien? Ek het gesien dit was 'n Christen, dit het Dit verwelkom. Sien? So sy . . . Ek weet sy's 'n Christen.

227 Nou, as ek nie die vrou ken nie, sy my nie ken nie, as die Heilige Gees vir haar sal openbaar waarvoor sy hier is . . . ? Nou, natuurlik, langer ek met haar praat, meer sal Dit sê. Julle weet dit aand na aand.

228 Maar as Dit net vir haar sal vertel waarvoor sy hier is, sal die hele groep van julle glo dat ek die waarheid vertel het? Dit sou God wees wat sê dis die waarheid. Nou, 'n man kan hier verbykom en julle enigiets in die wêreld vertel, een of ander fanatisme opmaak, enigiets doen wat hy wil, wat . . . hy kon dit doen, julle dit vertel. Dit maak dit nie so nie. Maar as God weer terugkom en sê dis die waarheid, dan beter julle dit glo. Want dit—dit . . . om dit nie te glo nie, is sonde.

229 So ek het getuig. Nou, is dit God se tyd om te getuig of, wat ek gesê het, die waarheid is of nie. Goed, nou, deur net hier te staan en praat met die dame, haar nog nooit in my lewe gesien nie. Maar die dame is nou baie bewus dat Iets naby haar is, wat nie haar broer hier, 'n man, is nie. Daar's Iets naby haar, wat sy weet dit is. En dis daardie Engel net daar, wat julle op die foto sien. Dis net hier nou, net 'n Lig tussen my en die vrou. Dis die rede waarom dit daar neergedaal het en ek dit voel verwelkom het. Lig die hele pad deur, sy's 'n Christen.

230 Nou, ek wil net 'n oomblik met jou praat, omdat jy die eerste pasiënt is. En ek wil hê elke persoon, maak nie saak waar jy is of wat verkeerd is met jou nie, kyk jy hiernatoe, en sê jy: "Nou, Here Jesus as U . . . Ek weet daardie man daarbo, hy's net 'n man. En as—en as U my net sal laat, my net geloof sal laat hê, en my geloof net opgebou sal laat word tot die punt soos die dame sal wees . . . " En kyk dan wat God sal doen, en dan aanvaar jy Hom as jou Geneser of as jou Verlosser, wat jy ook al nodig het.

Nou, om met jou te praat, dame. Daar's mense omtrent oral rondom vanaand. Ek moet jou net uitsonder; geeste van oral af.

231 Nou, ek wat net 'n man is, jy dan net 'n vrou. Dis 'n baie soortgelyke prentjie as Jesus wat met die vrou praat by die—by die put. Dis weer 'n man en 'n vrou.

232 Nou, ek ken jou nie en het jou nog nooit gesien nie, maar ek moet net jou gees onderskei van hierdie ander gees van mense wat praat, of, wat bid, jy weet, op hierdie tydstip, geloof wat inkom.

233 Maar onmiddellik . . . Nou, as—as die gehoor steeds my stem hoor, die dame beweeg weg van my af, en sy's—sy's 'n dame. Daardie vrou, wat voor my staan, was net onlangs in 'n hospitaal, en dit was net binne 'n paar ure terug. Sy is net vandag ontslaan uit die hospitaal, of, vanmiddag; sewe-uur vanaand, toe sy uit die hospitaal gekom het. Sy het 'n skaars bloedsiekte, saam met 'n geestes-senuweetoestand. Gaan net op jou pad, suster, jou geloof genees jou, jy maak jouself gesond. Amen.

234 Glo julle? Met julle hele hart nou, hê geloof; moenie twyfel nie. As jy kan glo, is alle dinge moontlik; maar jy moet glo. Nou, hê net geloof daarbuite en jy sal kry waarvoor jy vra.

Dametjie, wat daar sit in die pienk baadjie met daardie blaasprobleem, net . . . jy is genees. God seën jou.

Lê jou hand op die dame langs jou, want sy ly aan 'n senuweetoestand, aan *hierdie* kant *daar* oorkant.

235 Ons Hemelse Vader, haar geloof het aangeraak. Ek het swak geword. Ek het die Lig van U bo haar sien hang. Ek verklaar hulle gesond in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God. Amen.

Sien, julle het nie gebedskaartjie nodig nie. Glo julle; glo dat God die waarheid gepraat het. Want Hy is niks anders as die Waarheid nie; Hy's die bron van alle waarheid.

Nou, wees net eerbiedig. Glo net met jou hele hart. Julle moet . . . jy kan kry waarvoor jy—waarvoor jy vra, as jy dit net sal glo.

Nou, is hierdie . . . ? Hierdie is die pasiënt? Huh. Ek's nie buite myself nie, maar die wêreld sal nooit weet, suster, wat 'n gevoel dit is nie.

236 Nou, is . . . Ons ken nie—nie mekaar nie. Ons is vreemd vir mekaar, en ek's jou broer in die Here Jesus, en ons is hier om mekaar te probeer help. As ek kon—as ek jou kon help en dit nie wou doen nie, sou ek wreed wees, as ek jou kon help. Maar daar's niks in my waarmee ek kan help, behalwe wat God my sal laat weet wat om te doen nie. So as Hy aan my sou openbaar hoekom jy hier staan, sal jy dit dan aanvaar as die waarheid, of dit finansies is, of wat dit ook al is? Sal jy glo dat God geïnteresseerd is in jou geval en gaan hoor? Jy sal dit doen?

237 Mag die Here dit gee, is my gebed, terwyl jy na my kyk. Nie, jy weet soos Petrus en Johannes deur die Skone poort gegaan het: "Kyk na ons. Sien? Kyk na ons." Nie kyk na hulle as Hy nie, maar net om op te let na wat hulle gesê het, die aantrekkingkrag van die Gees te onderskei.

238 Ek sien dat jy 'n bietjie probleme gehad het met 'n oë-toestand, en ek sien 'n dokter wat dit ondersoek. En hy het 'n ander man geraadpleeg, en daardie man, hulle weet nie wat verkeerd is met jou oë nie. Hulle kan nie sê nie. Hulle kan nie hulle hand daarop lê, wat dit is nie. En dan, sien ek hulle jou een of ander soort iets gee onder in jou maag hier, of iets, dis 'n afgesakte maag. Jy het 'n afgesakte maag. Die dokters het jou opgegee in daardie verband. En jy is nie van—jy's nie van hierdie stad nie. Jy kom bo van *hierdie* kant af: Atlanta. En die dokter het gesê: "Mejuffrou Trudy," of so-iets, het hy jou genoem. Dis reg. Gaan jy nou huis toe en word gesond. Jou geloof maak jou gesond. God seën jou. Hê geloof.

239 Is jy die pa van die kind? Hê geloof in God. Moenie twyfel nie, maar glo, as jy kan glo . . . Nou, onthou, hierdie is nie ek nie. Hoor dit; dis nie. Nou, jou gesindheid daarteenoor . . . Noem dit wat jy wil; dit sal bepaal wat jy daaruit kry. Hang af van hoe jy dit benader.

240 Die vrou het Sy kleed aangeraak; sy het krag ontvang. Die man wat Hom in die gesig geslaan het, en Hom met 'n riet geslaan, en gesê het: "Profeteer en sê wie jou geslaan het," daar was geen krag daarvoor nie.

241 Dametjie, wat daar reg agter sit, jy ly aan 'n probleem met jou kop, nie waar nie, dame? Wat daar sit en reguit na my kyk, glo jy Je- . . . ? Ja, mevrou, glo jy Jesus sal jou genees? Hy het jou net toe

genees. Jou. . . jy het vir 'n lang tyd daaraan gely, dame. Dit het jou nou verlaat. Jou geloof het jou gered. Prys die lewende God. O, hoe lief ons Hom het. Hoe julle Hom behoort lief te hê.

242 Terwyl die Heilige Gees daar beweeg, daar sit 'n man reg agter jou, wat daar sit met artritis. Glo jy, meneer, dat die Here Jesus jou sal gesond maak? Glo jy dit? Ja, meneer, glo jy? Goed, meneer. Jy kan dan jou genesing ontvang. God seën jou. Jou soort van geskok, het dit nie?

243 Die dame wat daar heel agter sit, wat haar hand ophou, bid, sy het blaasprobleme. Sy wil ook genees word, wat reguit na my kyk, wat heel aan die agterkant sit. Glo jy dat God jou sal genees, daaragter, dame? Goed, as jy dit glo, kan jy jou genesing ontvang. Amen. Is Hy nie wonderlik nie?

244 Dame, wat hier reg agter sit, reg hier agterdeur, sy kyk reguit na my. Ek sien die Lig reg bo-oor haar hang. Sy het nie 'n gebedskaartjie nie, maar sy ly aan 'n hartprobleem en artritis. Daardie Lig het reguit van hierdie man af na haar toe gegaan, reg hierdeur. En nou, suster, as jy wil glo met jou hele hart, jy dra bril, jy wil glo, kan jy genees word. Jesus Christus maak jou gesond. God seën jou. Goed, dit handel dit af. Uh-huh. Amen. Uh-huh. O, hoe wonderlik. Glo julle?

245 Nou, hier, dit lyk asof julle dit kon sien, Christenvriende. Sien daardie Lig wat draai? Hy staan net hier. Dit kom reg oor daardie da-. . . wat net daar sit, waar, jy het spatare, wat net daar sit. Glo jy Jesus sal jou gesond maak van daardie are, jou genees? Glo jy dit met jou hele hart? As jy glo, kan jy jou genesing ontvang. God seën jou.

246 Verskoon my, meneer. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Jy—jy het gekom met jou baba, baie oulike babatjie. Ek ken jou nie. Jy weet dit. Ek's 'n totale vreemdeling vir jou. Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, neem ek aan, meneer. Ons is heeltemal vreemd vir mekaar, maar God ken albei van ons, ken Hy nie, meneer? Jy het jou babatjie, en ek kan daardie baba sien kom van 'n ondersoek af. En die dokter sê daar's geen hoop daarvoor nie. Daardie baba ly aan kanker in die bloed, naamlik "leukemie." Dis reg. Daar's geen hoop in die wêreld daarvoor nie.

247 En my broer, die pa van daardie baba; jy het die Here Jesus Christus as jou Verlosser nodig, nie waar nie? Jy's 'n sondaar. Sal jy Hom nou as jou Verlosser aanvaar? Jy. . . Sal jy jou hand opsteek, sê: "Here, ek aanvaar U"? Nou, lê jou hand net op jou baba.

248 Almagtige God, in die Naam van Jesus Christus. Ek bestraf nou hierdie duiwel wat hierdie baba doodmaak. Mag vergifnis en genade na hierdie vader toe kom, en mag hulle gaan, en lewe, en gelukkig bymekaar wees, in Jesus' Naam. Amen. God seën jou. Jou sondes is weg. Hê nou geloof in God. Amen.

249 Glo in die Here Jesus Christus en julle kan gesond gemaak word. Glo julle?

250 Wat dink jy, meneer? Glo jy my as God se dienskneg? Jou probleem is in jou rug, dis 'n ruggraatprobleem. Dis reg, nie waar nie? Jy het hoop vanaand dat jy gered kan word, en nog iets, jy het 'n gewoonte waarvan jy verlos wil word, nie waar nie? sigarette rook. Sal jy hulle net nou opgee? Steek jou hand op, sê: "God, dit handel dit af." Op jou pad, en jou rugprobleem sal gesond word, in Jesus' Naam.

251 Kom ons sê: "Prys God." Die dood is naby, net so ook die lewe.

Glo jy dat Christus jou kan genees van hierdie verskriklike duiwel? Glo jy Hy sal dit wegneem van jou en sal jou genees van hierdie kanker?

Almagtige God, die Outeur van die Lewe, die Gewer van elke goeie gawe, stuur U seëninge na die vrou toe en genees haar in Jesus' Naam, bid ek.

Satan, ek bestraf jou in Jesus' Naam. Amen.

Gaan nou verheug op jou pad.

252 Net 'n oomblik. Wat dink jy, meneer, wat daar in daardie rolstoel sit? Glo jy? Glo jy dat Jesus jou gesond sal maak? Jou soort van getref toe, het dit nie? Jy besef iets het gebeur. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Sal jy my gehoorsaam as Sy profeet? Dan kan jy opstaan uit jou rolstoel, en dit stoot, en huis toe gaan. Jesus Christus sal jou gesond maak. Moenie bang wees nie; glo.

253 En die res van julle, terwyl hy uitkom. Julle kan presies dieselfde ding doen. Daar is hy, ja, meneer. Wil julle opstaan? Elkeen van julle, staan op hierdie tyd op julle voete.

Almagtige God, Outeur van Lewe, Gewer van elke goeie gawe, stuur U Gees op hierdie mense, en genees hulle, elkeen.

Satan, ek bestraf jou, in die Naam van die Here Jesus Christus, kom uit hierdie mense uit.

Staan elkeen van julle op julle voete, oral, en prys God. Die Heilige Gees . . .?. . .

*Wat Is Daar In Jou Hand?* AFR55-0611
(What Is That In Thy Hand?)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdag, 11 Junie 1955, by die Porter Stadion in Macon, Georgia, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org